

BEWYSREG IN DIE SUID-AFRIKAANSE ARBEIDSREG

deur

GEORGE WILLEM VAN DER MERWE

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER LEGUM

in die

DEPARTEMENT HANDELSREG

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER : ME EML STRYDOM

APRIL 1996

OPSOMMING

In hierdie proefskrif word daar gekonsentreer op die bewyslas in die nywerheidshof omdat die nywerheidshof se benadering met betrekking tot die bewyslas verskil van geval tot geval, afhangende van die aard van die regshulp waarvoor die party/e die nywerheidshof nader.

In die tweede plek volg 'n bespreking van hoe en deur wie die voorlegging van getuienis aan die nywerheidshof mag geskied, hetsy by wyse van dokumente of getuies en daarbenewens ook 'n bespreking van watter soort getuienis aan die nywerheidshof voorgelê mag word met spesifieke verwysing na *inter alia*, klankopnames, videobande en die resultate van leuenverklikkertoetse.

SUMMARY

In this thesis there will be concentrated on the burden of proof in the industrial court because the industrial court's approach in regard to the burden of proof differs from case to case, depending on the nature of the legal aid for which the party/ies approaches the industrial court.

In the second place a discussion will follow of how and by whom the presenting of evidence can be done, whether by documents or by witnesses, and in addition thereto also a discussion on which sort of evidence can be presented to the industrial court with specific reference to, *inter alia*, taperecordings, video tapes and the results of lie-detector tests.

Sleutelterme

onus of proof; preponderance of probabilities; urgent relief; oral evidence; expert witness; unidentified witness; hearsay evidence; cross-examination; credibility; documentary evidence; admissibility; confessions; instruments; rules of caution.

BEWYSREG IN DIE SUID-AFRIKAANSE ARBEIDSREG

	INHOUDSOPGAWE	BLADSY
1.	INLEIDING	4
2.	BEWYSLAS	
2.1.	Inleiding	7
2.2.	Verbiedende Interdik	8
2.3.	Dringende Tussentydse Regshulp	12
2.4.	Artikel 43 en 46(9) aansoeke	
2.4.1.	Inleiding	15
2.4.2.	Geen Onus by 'n Herstelbevel	16
2.4.3.	Onus op die Werknemer	18
2.4.4.	Onus op die Werkgewer	20
2.4.5.	Billikheidsoorwegings bepaal waar die Onus Rus	20
2.4.6.	Die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995	22
3.	GETUIENISLEWERING	
3.1.	Inleiding	23
3.2.	Getuienislewering deur middel van Getuies	
3.2.1.	Die Oproep van Getuies	24
3.2.2.	Deskundige Getuienis	24
3.2.3.	Hoorsêgetuienis	
3.2.3.1.	Inleiding	26
3.2.3.2.	Hoorsêgetuienis in die Nywerheidshof	27

3.2.4.	Die Omstandigheidsgetuie	28
3.2.5.	Aanbieding van Getuienis	
3.2.5.1.	Die Ongeïdentifiseerde Getuie en 'n Verhoor in Camera	29
3.2.5.2.	Kruisondervraging	32
3.2.5.3.	Geloofwaardigheid en Weersprekende Getuienis	33
3.3.	Getuienislewering deur middel van Dokumente	
3.3.1.	Definisie van 'n Dokument	35
3.3.2.	Inlewering van 'n Dokument : Identifikasie en Bewys van Egtheid	
3.3.2.1.	Die Reël in Bewysreg	36
3.3.2.2.	Die Uitsonderings	37
3.3.4.	Inlewering en Verkryging van Dokumente	37
3.3.5.	Die Toelaatbaarheid van die Inhoud van die Dokument	39
3.4.	Getuienislewering deur middel van Klankopnames en Videobande	40
3.5.	Erkennings	43
3.6.	Reële Getuienis	
3.6.1.	Inleiding	45
3.6.2.	Besigtiging ter Plaatsse deur die Nywerheidshof	45
3.7.	Versigtigheidsreëls	47
3.8.	Leuenverklikkers	48
4.	GEVOLGTREKING	48

1. INLEIDING

Ten einde die toepassing van die bewysreg in die arbeidsreg te verstaan moet daar inleidend verwys word na die oorhoofse rol wat die bewysreg in die regsisteem speel.

Die regsistematiek bestaan uit die materiële en formele reg. Salmond¹ omskryf die materiële (substantiewe) en formele reg (prosesreg) soos volg: "Substantive Law is concerned with the ends which the administration of justice seeks; procedural law deals with the means by which those ends are to be attained." Die formele reg (prosesreg) is dus die gedeelte van die reg wat litigasie reguleer.

Die reëls van die formele reg word verdeel in daardie reëls wat betrekking het op die strafprosesreg, daardie reëls wat betrekking het op die siviele prosesreg en daardie reëls wat betrekking het op die bewys van feite in die siviele- en strafhowe (die bewysreg)². Hierdie verhandeling handel slegs oor die bewysreg as 'n onderafdeling van die formele reg en die bewysreg kan in hierdie konteks omskryf word as die geheel van regsreëls wat die bewys van feite in beide siviele en strafhowe reguleer, en omvat die volgende:³

- a) voorskrifte aangaande die bewyslas en voorskrifte waar stawende getuienis benodig word;
- b) voorskrifte aangaande welke getuienis toelaatbaar is;
- c) voorskrifte aangaande die wyse van voorlegging van getuienis;
- d) voorskrifte aangaande wanneer 'n hof 'n feitebevinding kan maak sonder dat getuienis daarvoor aangebied word (vermoedens, geregtelike kennisname en formele erkennings); en

¹ Salmond soos aangehaal deur CWH Schmidt *Bewysreg 3* uitg. (1989) 6 (hierna genoem Schmidt).

² C.F. Eckard *Grondtrekke van die Siviele Prosesreg in die Landdroshowe* (1984) 6.

³ Schmidt op cit vn 1 op 1.

e) voorskrifte aangaande privilegie.

Hierbo is reeds genoem dat die bewysreg regsreëls is wat die bewys van feite in siviele en strafhowe reguleer. Die siviele bewysreg word hoofsaaklik gereël deur die Wet op Bewysleer in Siviele Sake 25 van 1965 en die strafbewysreg deur die Strafproseswet 51 van 1977. Vir sover die Wette sekere aangeleenthede nie spesifieke reël nie, geld die reg wat op 30 Mei 1961 gegeld het.⁴ Die reg wat op 30 Mei 1961 gegeld het verwys na ouer wetgewing wat die Engelse bewysreg inkorporeer.

Gevolglik kan daar gesê word dat die bewysreg in siviele- en strafhowe in 'n groot mate statutêr gereguleer word. Die arbeidsreg bestaan ook uit beide siviele- en strafsake en omdat arbeidsregtelike strafsake deur strafhowe aangehoor word, kan daar ook gesê word dat die bewysreg in arbeidsregtelike strafsake ook in 'n groot mate statutêr gereguleer word.

In teenstelling hiermee, is daar weinig statutêre bepalings met betrekking tot bewysreg in arbeidsregtelike sivielesake en sal daar in hierdie verhandeling op hierdie gebied gekonsentreer word.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge⁵ (hierna genoem "die Wet") en die reëls van die nywerheidshof⁶ bevat weinig bepalings wat verband hou met die bewysreg. Die nywerheidshof moet gevolglik met betrekking tot bewysreg hom wend tot ander bronne soos die gemenereg, wetgewing wat bewysreg in die landdroshowe en die hooggeregshowe reël⁷, ander wetgewing soos die Tussentydse Grondwet en hofuitsprake oor bewysregtelike aangeleenthede in die siviele howe.

Hierdie verhandeling handel oor die bewysreg in die arbeidsreg en spesifiek die bewysreg in die *nywerheidshof*. Die nywerheidshof is geskep deur die Wet op Arbeidsverhoudinge 1956 en staan op die punt om vervang te word deur 'n

⁴ Schmidt op cit vn 1 op 15.

⁵ 28 van 1956 - Sien artikels 71(2), 72 en 74.

⁶ Sien byvoorbeeld reël 8 van die nywerheidshof.

⁷ Die Wet op Bewysleer in Siviele Sake 25 van 1965.

Kommissie van Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie en 'n arbeidshof ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge 1995⁸ (hierna genoem die "nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge"). Dit is egter steeds nuttig om op die nywerheidshof te fokus om die volgende redes:

- a) die nywerheidshof gaan waarskynlik nog tot minstens 1997 opereer⁹ ten einde al die sake wat na dit verwys is, ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge 1956, af te handel; en
- b) beide die nywerheidshof en die Kommissie van Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie is administratiewe liggame. Dit hou in dat beide die nywerheidshof en die Kommissie nie gebonde is om die bewysreg, soos dit toegepas word in geregshowe, slaafs na te volg nie. Wat meer is, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 bevat weinige bepalings oor bewysreg in die nywerheidshof en dieselfde geld ten opsigte van die Kommissie en die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995. Die Kommissie word verder in die donker gelaat deurdat die Wet op Arbitrasie¹⁰ uitdruklik uitgesluit¹¹ word wanneer die Kommissie 'n arbitrasiefunksie uitvoer. Die Kommissie gaan dit dus waarskynlik uiters nuttig vind om te kyk hoe die nywerheidshof bewysregtelike aangeleenthede hanteer het.

Weens die lengtebeperkings en die omvang van die onderwerp van die verhandeling sal daar slegs op enkele aspekte van die bewysreg in die nywerheidshof gekonsentreer word soos bewyslas, die omskrywing, toelaatbaarheid, gewig en voortbringing van mondelinge getuienis, reële getuienis, dokumente, toestelle en apparate en ook bestaande versigtighedsreëls.

⁸ Die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995.

⁹ Prof A A Landman *Industrial Court Communique* 25 October 1995 NO 20/1995.

¹⁰ 42 van 1965.

¹¹ Artikel 146 van die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 soos gepubliseer in H Cheadle, PAK le Roux, C Thompson en A van Niekerk *Current Labour Law (Sixth Annual Seminar)* October 1995 op 156 (hierna genoem Cheadle).

2. BEWYSLAS

2.1. Inleiding

Die beginsel van "bewyslas" word aangetref omdat die moontlikheid bestaan dat 'n hof of tribunaal, wanneer dit aan die einde van 'n geding uitspraak gee nie in staat sal wees om te bevind watter weergawe van die feite as korrek aanvaar moet word nie. Derhalwe word daar 'n onus of bewyslas geplaas op een van die twee partye om sy weergawe te bewys. Indien die party nie daarin slaag om hom van sy las te onthef nie, word teen hom bevind¹². Ingelyks, waar daar nie 'n probleem is om vas te stel welke weergawe korrek is nie, sal die bewyslas nie eers ter sprake kom nie¹³.

In die nywerheidshof word bewyslas gemeet (soos siviele sake in geregshowe) op 'n oorwig van waarskynlikhede, en nie bo redelike twyfel soos in strafsake nie, selfs al word die werknemer aangekla van 'n misdryf, soos diefstal¹⁴.

Die nywerheidshof, as leidende instelling in die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg, volg egter nie die beginsels aangaande bewyslas van siviele sake in geregshowe slaafs na nie. So byvoorbeeld sê Verwey AL in TGWU en Andere v Multi Bus Service CC:¹⁵

"It is trite that there is no general onus in the Industrial Court."

Die nywerheidshof volg egter verskillende benaderings met betrekking tot bewyslas in die verskillende funksies wat die nywerheidshof uitoefen¹⁶. Alle funksies van die nywerheidshof sal nie hier bespreek kan word nie en derhalwe

¹² *Schmidt op cit vn 1 op 23.*

¹³ *Van Aswegen v De Clercq 1960 4 SA 875 (A) 882 E en NUM v Television and Electrical Distributors (Pty) Ltd 1993 14 ILJ 738 (NH) 747 F.*

¹⁴ *Anglo American Farms t/a Boschendal Restaurant v Komjwayo 1992 12 ILJ 573 (AAH) 574 F.*

¹⁵ *1995 16 ILJ 213 (NH) 215 I, sien ook ISWU v Secunda Municipality 1988 9 ILJ 308 (NH) 312 A.*

¹⁶ *Let daarop dat die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 soos in Cheadle op cit vn 11 op 11 en 79 nie bewyslas per funksie van die hof klassifiseer nie maar klassifiseer aan die rede van die ontslag; - sien artikel 187 van die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge.*

volg 'n bespreking van bewyslas met verwysing na die meer algemene funksies van die nywerheidshof¹⁷.

2.2. Verbiedende Interdik

Ingevolge artikel 17(11)(aA) van die Wet kan die nywerheidshof 'n interdik of enige ander bevel uitreik in die geval van enige optrede wat deur Artikel 65¹⁸ van die Wet verbied word¹⁹. Die Wet beperk nie die gee van interdikte tot tydelike- of permanente interdikte nie en daar is ook geen beperkende bepaling in die reëls van die nywerheidshof nie. Daarom kan daar geargumenteer word dat beide tydelike- en permanente interdikte ingevolge artikel 17(11)(aA) van die Wet gegee kan word²⁰.

Soortgelyk aan die bewyslas vir tydelike interdikte in geregshowe²¹ moet die applikant vir 'n tydelike interdik bewys²² dat sy weergawe op 'n oorwig van waarskynlikhede korrek is en dat hy 'n prima facie²³ saak het. Die benadering wat deur die hof gevolg word om te bevind of 'n prima facie saak bewys is of nie, word uiteengesit deur Clayden R in Webster v Mitchell²⁴. Die hof oorweeg

¹⁷ In hierdie afdeling word daar gekonsentreer op die nywerheidshof aangesien die nywerheidshof 'n unieke benadering volg rondom bewyslas in sy verskillende funksies inteenstelling met ander forums waar die arbeidsreg toepassing vind soos arbitrasie en dissiplinêre verhoore.

¹⁸ Artikel 65 van die Wet handel oor die verbod op stakings en uitsluitings onder sekere omstandighede.

¹⁹ Hierdie funksie is deur artikel 4 van die Wysigings Wet op Arbeidverhoudinge 9 van 1991 aan die nywerheidshof toevertrou.

²⁰ Sien Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v National Union of Metal Workers of SA & Others 1 1993 14 ILJ 152 (NH) op 157 A-B en 159 A-B en ook F Rautenbach Labour Litigation 1993 op 102 - 103 (hierna genoem Rautenbach).

²¹ Footwear Manufacturers Association of SA v National Union of Leather Workers 1994 15 ILJ 845 (NH) 848 A, S.R. van Jaarsveld en BPS van Eck Kompendium van SA Arbeidsreg (1992) 327.

²² Die bewyslas rus op die applikant omdat die nywerheidshof die bewysregtelike reël van "hy wat beweer moet bewys" aanvaar. Footwear Manufacturers Association of SA v National Union of Leather Workers 1994 15 ILJ 845 (NH) 845 F-G.

²³ Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v National Union of Metalworkers of SA & Others 2 1993 15 ILJ 152 (NH) 159 B. 'n Reg word prima facie bewys as getuienis voor die hof van so aard is dat indien dit ongeantwoord staan die redelike man 'n positiewe bevinding daarop kan maak. Dit kom dus neer op getuienis wat 'n weerleggingslas op die teenstander plaas. Sien R v Mantell 1959 1 SA 771 (K) 776 H en Schmidt op cit vn 1 op 88.

²⁴ 1948 1 SA 1186 W op 1189. Sien ook Gool v Minister of Justice & Another 1955 (2) SA 682 (C) op 688A en CB Prest Interlocutory Interdicts (1993) 60.

die feite soos dit deur die applikant uiteengesit word saam met die feite soos dit deur die respondent uiteengesit word wat die applikant nie kan betwyfel nie. Daarop, met in agneming van die inherente waarskynlikhede, maak die hof 'n bevinding oor of die applikant op hierdie feite in staat sal wees om finale regshulp te verkry by 'n verhoor. Indien die hof positief bevind dit wil sê dat die applikant op die feite finale regshulp kan kry, kyk die hof na die feite weergawe van die respondent wat in geskil is. Indien ernstige twyfel in die applikant se saak ontstaan sal die aansoek nie toegestaan word nie, want 'n prima facie saak kan slegs in 'n mindere mate betwyfel word. Maar as die respondent die feite, soos voorgehou deur die applikant, bloot ontken met onoortuigende verduidelikings, moet die reg voorlopig beskerm word totdat 'n verhoor 'n finale uitslag gee. Hierdie bevinding is egter onderhewig aan die vraag oor wie die meeste nadeel sal ly indien die tydelike interdik toegestaan of geweier word²⁵.

Bo en behalwe hierdie bewyslas moet die applikant ook bewys vir 'n tydelike interdik in terme van artikel 17(11)(aA) dat²⁶:

- (i) die applikant 'n gegronde vrees ("well grounded apprehension") vir die ly van onherstelbare skade het²⁷;
- (ii) daar geen alternatiewe remedie vir die applikant beskikbaar is nie²⁸;

²⁵ Sien ook die vereiste in par 2.2 (iii) hieronder en *LTC Harms* Civil Procedure in the Supreme Court (1990) op 199 en 203.

²⁶ *Erikson Motors (Welkom) Ltd v Protea Motors, Warrenton and Another* 1973 (3) SA 685 (A) op 691 C-G en *Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v National Union of Metal Workers of SA & Others* 1993 14 ILJ 152 (NH) op 159 B.

²⁷ Die vereiste van onherstelbare skade impliseer dat die applikant moet bewys dat die skade van so aard is dat dit nie met geld of enige iets anders herstel kan word nie. Die vereiste hou in dat die werkgewer by 'n onwettige staking byvoorbeeld moet bewys dat daar 'n verlies van sy besigheid se geloofwaardigheid by die kliënte is en dat die aard van die besigheid sodanig is dat daar deurlopend gewerk moet word (sien *BTR Dunlop Ltd v NUMSA* 1989 10 ILJ 181 (NH) op 191A en *Langeberg Foods Ltd (Boksburg v FAWU and Others* 1989 10 ILJ 1093 (NH) op 1103 J). Soorgelyk moet 'n werknemer of vakbond as applikant vir 'n interdik ingevolge artikel 17(11)(aA) teen 'n onwettige uitsluiting onherstelbare skade bewys wat nie met geld goedgemaak kan word nie byvoorbeeld dat werknemers deurlopend geviktimizeer word wat die vakbond se verteenwoordigings- en onderhandelingsbasis wesentlik aantast (sien *NAAWU v ADE (Pty) Ltd* 1990 11 ILJ 342 (NH) 344 F-G) of dat die werkgewer tydens die duur van 'n uitsluiting 'n nuwe eis aan sy werknemers stel nadat hulle aan 'n vorige eis voldoen het (sien *Sithole and Others v Federated Timbers Ltd* 1989 10 ILJ 517 (NH) 519 A-B).

²⁸ Die vereiste dat geen alternatiewe remedie moet bestaan nie sal 'n noodwendige gevolg wees indien daar bewys word dat onherstelbare skade deurlopend sal voortduur indien die interdik nie toegestaan word nie. Indien daar egter slegs 'n vrees is vir onherstelbare skade wat moontlik in die toekoms kan intree sal dit nie 'n noodwendige gevolg wees dat geen alternatiewe remedie bestaan nie en moet die applikant dit bewys (Sien *HJ Erasmus en DE van Loggerenberg* *Jones and Buckle: The Civil Practice of the Magistrates' Courts in South Africa* (1988) op 90).

- (iii) die applikant by oorweging van die omstandighede groter skade of nadeel sal ly indien die bevel nie toegestaan word nie, as wat die teenparty sal ly indien die bevel wel toegestaan word²⁹;
- (iv) die optrede waarteen die applikant 'n tydelike interdik wil verkry, deur artikel 65 verbied word; en
- (v) daar 'n grond vir dringendheid is. Hierdie vereiste is tweeledig: eerstens vereis artikel 17(D) van die Wet dat 'n interdik by 'n staking of uitsluiting slegs toegestaan sal word as die applikant ten minste 48 uur kennis gegee het aan die respondent dat sodanige aansoek gebring sal word³⁰. Die hof kan 'n korter tydperk as 48 uur toelaat indien die applikant 'n gegronde rede aanvoer waarom sodanige korter tydperk toegelaat behoort te word. Ten einde 'n gegronde rede te bewys moet dringendheid bewys word³¹. 'n Verdere tydsvereiste word daargestel deur De Kock SL in Delanco (Co-operative) v Numsa on behalf of Chauke & Others³² naamlik dat bo en behalwe die vereistes van artikel 17(D) die applikant ook 'n grond vir dringendheid moet bewys waarom die respondent nie 'n redelike tyd (14 dae) gegun is om te antwoord op die aansoek nie.

Die tweede deel van dringendheid word nie uitdruklik deur die Wet of deur die reëls van die nywerheidshof voorgeskryf nie. Freemantle SL omskryf dit in Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v NUMSA³³ en bevind dat aangesien 'n aansoek om 'n interdik ingevolge artikel 17(11)(aA) 'n surrogaat is vir 'n aansoek in terme van artikel 17(11)(a) waar dringendheid spesifiek vereis word³⁴, moet daar ook by 'n aansoek in terme van artikel 17(11)(aA) bewys word waarom die aansoek dringend is en waarom genoegsame regshulp nie by wyse van 'n gewone verhoor

²⁹ *SR van Jaarsveld en BPS van Eck* Kompendium van SA Arbeidsreg (1992) 327. Hierdie vereiste word soms beskryf as die oorwig van gerief. Sien Setlogelo v Setlogelo 1914 A.D 221 op 227.

³⁰ Artikel 17(D) bepaal verder dat as daar 10 dae kennis gegee is van 'n beplande staking of uitsluiting, die applikant ten minste 5 dae kennis moet gee aan die respondent voor die aansoek gebring kan word.

³¹ Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v NUMSA 1993 14 ILJ 152 (NH) 155 A-B en 155H.

³² 1992 13 ILJ 1508 (NH) op 1510 H-I.

³³ 1993 14 ILJ 152(NH).

³⁴ *Nywerheidshofreël 21(1)(h)*.

verkry kan word nie³⁵. Die applikant moet onherstelbare skade bewys³⁶ om dringendheid daar te stel en nie net gewone skade wat geldsgewys herstelbaar is nie³⁷.

Ook soortgelyk aan die bewyslas vir finale interdikte in geregshowe³⁸ moet die applikant vir 'n finale interdik bewys dat sy weergawe op 'n oorwig van waarskynlikhede korrek is en dat hy, op hierdie weergawe, oor 'n duidelike reg ("clear right") beskik waarop inbreuk gemaak word. Die benadering wat deur die hof gevolg word om te bevind of 'n duidelike reg bewys is of nie word uiteengesit in Stellenbosch Farmers Winery v Stellenvale Winery³⁹. Die hof oorweeg die feite voorgehou deur die respondent en die feite voorgehou deur die applikant wat die respondent erken of nie ontken nie en besluit daarop of die applikant op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat hy geregtig is op 'n finale interdik.

Bo en behalwe hierdie bewyslas moet die applikant ook bewys vir 'n finale interdik in terme van artikel 17(11)(aA) dat⁴⁰:

- (i) werklike skade of nadeel reeds aangerig is of dat hy 'n redelike vrees het vir skade of nadeel of dat 'n werklike of moontlike bedreiging van die duidelike reg bestaan;
- (ii) daar geen alternatiewe remedie vir die applikant beskikbaar is nie; en
- (iii) die optrede waarteen die applikant 'n finale interdik wil verkry, deur artikel 65 verbied word.

³⁵ Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v NUMSA 1993 14 ILJ 152(NH) 156 A-C. Sien ook Edgars Stores Ltd v SA Commercial Catering and Allied Workers Union & Others 1992 13 ILJ 177 (NH) op 188 A-B waar die nywerheidshof bevind dat: "However that might be, there is almost always an element of urgency involved in a strike or lock-out".

³⁶ Sien voetnoot 27 hierbo vir 'n bespreking van onherstelbare skade en ook Twala v Box Craft (Pty) Ltd 1990 11 ILJ 831 (NH) op 843 G-I.

³⁷ Delanco (Co-operative) v NUMSA on behalf of Chauke & Others 1992 13 ILJ 1508 (NH) op 1510I en 1512D.

³⁸ Footwear Manufacturers Associations of SA v National Union of Leather Workers 1994 15 ILJ 845 (NH) 848 A, S.R. van Jaarsveld en BPS van Eck Kompendium van SA Arbeidsreg (1992) 327.

³⁹ 1957 (4) SA 234 (C) op 235 C-G en sien ook Plascon Evans Paints Limited v Van Riebeeck Paints (Pty) Ltd 1984 (3) SA 623 (A) op 634 E tot 635 C.

⁴⁰ J Meyer Interdicts (1993) 59.

Indien daar vir 'n finale interdik aansoek gedoen word is die bewyslas op die applikant⁴¹ veel swaarder as in die geval van 'n tydelike interdik, aangesien daar by die eersgenoemde interdik 'n "clear right" bewys moet word en by laasgenoemde slegs 'n prima facie reg. Die nywerheidshof is ook meer huiwerig om 'n finale interdik toe te staan in navolging van die hooggeregshof praktyk⁴².

In die praktyk word egter meestal vir 'n finale interdik gevra maar, myns insiens, sal daar prakties gesproke 'n beter kans op sukses wees (vanweë die ligter bewyslas) om aansoek te doen vir 'n tydelike interdik of om 'n permanente interdik as alternatief tot 'n tydelike interdik⁴³.

Ten slotte moet daar genoem word dat interdikte teen stakings nie maklik toegestaan word nie aangesien 'n interdik teen 'n staking meestal, selfs al word daar vir 'n tydelike interdik aansoek gedoen, in die praktyk die effek het van 'n finale bevel⁴⁴.

2.3. **Dringende Tussentydse Regshulp**

Die nywerheidshof kan dringende tussentydse regshulp verleen, ingevolge artikel 17(11)(a) van die Wet, totdat 'n bevel deur die nywerheidshof ingevolge artikel 43(4) gemaak word⁴⁵.

Die applikant dra die bewyslas om op 'n oorwig van waarskynlikhede, te bewys dat hy geregtig is op 'n bevel in terme van artikel 17(11)(a)⁴⁶.

'n Aansoek om tussentydse regshulp ingevolge artikel 17(11)(a) is, soos die beskrywing aandui, 'n aansoek om 'n tussentydse of tydelike interdik en nie 'n aansoek om finale regshulp nie. Soorgelyk aan die bewyslas vir tydelike

⁴¹ *Footwear Manufacturers Association of SA v National Union of Leather Workers* 1994 15 ILJ 845 NH 845 F-G.

⁴² *Rautenbach op cit vn 20 op 103.*

⁴³ *Rautenbach op cit vn 20 op 103 en 123 - 124.*

⁴⁴ *Le Roux en Landman "Urgent interim relief in the Industrial Court: A review of section 17(11)(a) orders" 1989 SAMLJ 208 op 215.*

⁴⁵ *Olivier "Dringende tussentydse regshulp in die nywerheidshof" 1991 De Rebus 393.*

⁴⁶ *Die bewyslas rus op die applikant aangesien die nywerheidshof die bewysregtelike reël van "hy wat beweert moet bewys" aanvaar en toepas.*

interdikte in geregshowe⁴⁷ en die bewyslas vir tydelike interdikte ingevolge artikel 17(11)(aA)⁴⁸ moet die applikant bewys dat sy weergawe op 'n oorwig van waarskynlikhede korrek is en dat hy, op hierdie weergawe, oor 'n prima facie reg beskik waarop inbreuk gemaak word of dat 'n inbreuk op die reg dreigend is⁴⁹.

Bo en behalwe die bogenoemde bewyslas moet die applikant ook bewys dat die ander vereistes vir 'n tydelike interdik aanwesig is, naamlik⁵⁰:

- (i) die applikant 'n gegronde vrees ("well grounded apprehension") vir die ly van onherstelbare skade het⁵¹;
- (ii) daar geen alternatiewe remedie vir die applikant is nie; en
- (iii) die applikant by oorweging van die omstandighede groter skade of nadeel sal ly indien die bevel nie toegestaan word nie, as wat die respondent sal ly indien die bevel wel toegestaan word.

Deur aan die bogenoemde vereistes te voldoen is egter nie die enigste manier waarop 'n applikant dringende tussentydse regshulp kan verkry nie. Die applikant kan ook 'n duidelike reg, in teenstelling met 'n prima facie reg, bewys waarop inbreuk gemaak word en dat daar geen alternatiewe remedie as dringende tussentydse regshulp vir die beskerming van die duidelike reg

⁴⁷ Sien ook *BTR Dunlop v NUMSA* 1989 ILJ 181 (NH) 190 G-H; *SACCAWU v OK Bazaars (1929)* 1990 ILJ 1006 (NH) 1110 J - 1111 G en 1115 D-J en *Twala v Box Craft (Pty) Ltd* 1990 11 ILJ 831 (NH) 835 C-F en ook *E Cameron, H Cheadle en C Thompson The New Labour Relations Act (1989)* 187-189.

⁴⁸ Sien die bespreking in paragraaf 2.2 hierbo.

⁴⁹ *Le Roux en Landman "Urgent interim relief in the Industrial Court: A review of section 17(11)(a) orders"* 1989 *SAMLJ* 208 op 211. Die benadering wat die nywerheidshof volg om te bevind of 'n prima facie reg bewys is of nie word bespreek in paragraaf 2.2 hierbo.

⁵⁰ *Le Roux en Landman "Urgent interim relief in the Industrial Court: A review of section 17(11)(a) orders"* 1989 *SAMLJ* 208 op 211-212. Hierdie vereiste word ook genoem en bespreek in paragraaf 2.2 hierbo maar word weens doelmatigheidsredes herhaal.

⁵¹ Hierdie vereiste impliseer, soos bespreek in voetnoot 27, dat die applikant moet bewys dat die skade van so aard is dat dit nie met skadevergoeding goedgemaak kan word nie. Die applikante by meeste ontslag gevalle sal weens hierdie vereiste nie dringende tussentydse regshulp kan verkry nie omdat die applikant slegs 'n verlies van inkomste het en die verlies goedgemaak kan word met 'n status quo bevel ingevolge artikel 43 wat terugwerkende krag het. (Sien *Nasionale Sorghum Bierbrouery (Edms) Bpk (Rontoria Divisie) v John No en andere* 1990 11 ILJ 971(T) op 974 B-C en *Olivier "Dringende tussentydse regshulp in die Nywerheidshof"* 1991 *De Rebus* 393 op 396. Die verlies aan huisvesting kan egter wel 'n grond vir onherstelbare skade uitmaak behalwe waar die werkgewer onderneem om sodanige akkommodasie tussentyds te bly verskaf (*HARWU v Karos Hotels (Pty) Ltd* 1990 11 ILJ 182 (NH) op 185 C) of die werknemers in elk geval, selfs sonder die ontslag, hul akkomodasie moes ontruim (sien *Nyalunqa v PP Webb Construction* 1990 11 ILJ 819 (NH) op 820 B-C).

bestaan nie⁵². Hierdie duidelike reg is soortgelyk aan die bewyslas wat op 'n applikant rus wat in 'n geregshof aansoek doen om 'n finale interdik⁵³ maar die nywerheidshof kan ingevolge artikel 17(11)(a) egter slegs 'n tussentydse of tydelike interdik gee⁵⁴.

Addisioneel tot die bogenoemde moet die applikant ook bewys dat⁵⁵:

- (i) die aansoek 'n saak van dringendheid is⁵⁶;
- (ii) die respondent prima facie 'n onbillike arbeidspraktyk gepleeg het⁵⁷; en
- (iii) selfs al word die dringende tussentydse regshulp nie toegestaan nie die applikant steeds sal volhard om die dispuut op te los by wyse van die gepaste kanale tensy die dispuut geskik word⁵⁸.

Dringendheid is sekerlik die belangrikste vereiste wat bewys moet word alvorens die nywerheidshof hierdie bevel sal uitreik⁵⁹. Die hof volg die benadering dat indien 'n applikant onherstelbare skade sal ly indien die bevel nie toegestaan

⁵² Sien PPWAWU & Others v Tongaat Paper Co (Pty) Ltd 1992 13 ILJ 393 (NH) 397 F-H.

⁵³ Sien ook die bespreking in paragraaf 2.2 hierbo.

⁵⁴ Sien Le Roux en Landman "Urgent interim relief in the Industrial Court: A review of section 17(11)(a) orders" 1989 SAMLJ 208 op 211 voetnoot 19.

⁵⁵ Le Roux en Landman "Urgent interim relief in the Industrial Court: A review of section 17(11)(a) orders" 1989 SAMLJ 208 op 211, 212 en 217.

⁵⁶ Sien spesifiek nywerheidshof reël 21(1)(b).

⁵⁷ Hierdie is 'n addisionele vereiste tot die vereiste dat die applikant moet bewys dat hy oor 'n prima facie reg beskik, soos hierbo bespreek, wat deur die respondent se onbillike arbeidspraktyk op inbreuk gemaak word.

⁵⁸ Juis vanweë hierdie vereiste word slegs tussentydse regshulp toegestaan - terwyl 'n aansoek ingevolge artikel 43 hangende is. Die praktykreël is dat dringende tussentydse regshulp slegs in uitsonderlike omstandighede toegestaan word as die artikel 43 aansoek nog nie gedoen is nie en indien tussentydse regshulp wel in so 'n geval toegestaan word, sal dit 'n voorwaarde omvat naamlik dat 'n artikel 43 aansoek binne 'n spesifieke periode gebring moet word. Sien le Roux en Landman "Urgent interim relief in the Industrial Court: A review of section 17(11)(a) orders" 1989 SAMLJ 208 op 216-217. Die hof kan ook vereis dat die betrokke geskil reeds na 'n nywerheids- of versoeningsraad verwys moes gewees het. Sien in die verband Olivier "Dringende tussentydse regshulp in die Nywerheidshof" 1991 De Rebus 393 op 395.

⁵⁹ TWU v Alice Manufacturing 1989 ILJ 299 (NH) 304 J; Sithole v Federated Timbers 1989 ILJ 517 (NH) 518D; Ray's Forge and Fabrication v NUMSA 1989 ILJ 762 (NH) 767D; en HARWU v Karos Hotels 1990 ILJ 182 (NH) 183 B-D en Twala v Box Craft (Pty) Ltd 1990 11 ILJ 831 (NH) 833D.

word nie, dit genoegsame grond vir dringendheid daarstel⁶⁰.

Die applikant sal nie onherstelbare skade ly nie en die aansoek ook nie dringend wees nie indien die applikant 'n blote verlies van inkomste ly wat met 'n terugwerkende status quo bevel ingevolge artikel 43 goedgemaak kan word⁶¹. Gevolglik kan daar gesê word dat die bestaan van 'n terugwerkende status quo bevel die dringendheid van 'n aansoek in terme van artikel 17(11)(a) teëwerk. Die applikant moet dus dringendheid bewys deur te bewys dat hy onherstelbare skade sal ly as die bevel in terme van artikel 17(11)(a) nie toegestaan word nie.

Ten slotte kan genoem word dat die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 die arbeidshof ingevolge artikel 158 die bevoegdheid gee om dringende tussentydse verligting te verleen. Die arbeidshof is gelykstaande aan 'n provinsiale afdeling van die hooggeregshof⁶² en daarom word vermoed dat die bewyslas in die arbeidshof vir dringende tussentydse verligting dieselfde sal wees as die bewyslas in die nywerheidshof, soos dit hierbo bespreek word.

2.4. Artikel 43- en 46(9) aansoeke

2.4.1. Inleiding

Artikel 43 van die Wet maak voorsiening vir sogenaamde *status quo* bevale of tussentydse/tydelike herstelbevale. 'n *Status quo* bevel word verleen terwyl 'n finale beslegting ingevolge artikel 46(9), hangend is of tot tyd en wyl daar besluit is om nie met die saak voort te gaan nie.⁶³ 'n Aansoek ingevolge artikel 43 word normaalweg op beëdigde verklarings en skriftelike verhoë beslis sonder die aanhoor van getuïenis.⁶⁴

⁶⁰ Sien *Twala v Box Craft (Pty) Ltd* 1990 11 ILJ 831 (NH) op 843 G-I waar Basson AL sê dat dringendheid nie voldoende bewys is nie omdat onherstelbare skade nie bewys is nie want die skade wat oploop kon by wyse van 'n artikel 43 aansoek goedgemaak word. Sien ook *Garment & Allied Workers Union of SA v Industex (Pty) Ltd & Another* 1990 11 ILJ 335 (NH) 337 G-H en voetnoot 27 hierin. Die skade moet onherstelbaar wees.

⁶¹ Sien ook die bespreking in voetnoot 51 hierbo.

⁶² Artikel 151 van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 soos aangehaal deur Cheadle op cit vn 11.

⁶³ SR van Jaarsveld en BPS van Eck *Kompendium van SA Arbeidsreg* (1992) 330.

⁶⁴ Sien *nywerheidshofreël 25(8)*.

'n Finale beslissing word gemaak deur die nywerheidshof deur middel van 'n vasstelling ingevolge artikel 46(9) saam geles met artikel 17(11)(f) van die Wet. Die nywerheidshof maak 'n finale beslissing in terme van artikel 46(9) ten aansien van die vraag of 'n gegewe daad of late van werkgewers of werknemers 'n onbillike arbeidspraktyk behels na die aanhoor van getuienis soortgelyk aan die proses wat gevolg word in enige bestrede siviele saak.⁶⁵

Wat artikels 43 en 46(9) aansoeke betref, gaan daar gekonsentreer word op onus ten opsigte van ontslagsake aangesien dit die tipe sake is wat die meeste onder hierdie artikels voor die nywerheidshof beland.

Daar is 'n verskil van opinie oor die vraag of onus wel in ontslagsake ter sprake is. Eendersyds word geargumenteer dat geen onus by ontslagsake bestaan nie en andersyds word geargumenteer dat onus inderdaad by ontslagsake bestaan. Diegene wat argumenteer dat onus wel voorkom verskil weer van opinie oor die vraag op wie presies die onus rus - die werknemer of die werkgewer. Die verskillende standpunte word vervolgens bespreek.

2.4.2. Geen Onus by 'n Herstelbevel

Regter Spoelstra bevind in Kloof Gold Mining Company Ltd v NUM and Others⁶⁶ dat dit onbehoorlik is om van 'n bewyslas te praat by die beoordeling van die meriete in 'n artikel 43(4) aansoek aangesien elke party eerder 'n plig het om alle relevante feite voor die nywerheidshof neer te lê. Daar is nie 'n plig op die nywerheidshof om na feite te soek wat nie voor die nywerheidshof is nie maar tog het die hof die bevoegdheid om uit eie beweging ondersoek na die feite te doen⁶⁷. Gevolglik word die proses eerder beskryf as 'n "ondersoek" in plaas van 'n "verhoor".

Die hooggeregshof bevind verder dat:

"The Act is silent on the question of onus. The mere fact that one of the parties to a dispute may apply for an order is in itself insufficient reason to hold that such a party carries a burden of proof as opposed to a duty to place facts

⁶⁵ SR van Jaarsveld en BPS van Eck Kompendium van SA Arbeidsreg (1992) 332-333.

⁶⁶ 1987 (1) 598 (T) 605 I.

⁶⁷ Artikel 17, 17(14) en 17(20) van die Wet.

before the industrial court in support of his application. Accordingly I hold that save for the jurisdictional facts and subject to s 43(3)(a) in a s 43 application none of the parties carries an onus in the sense of finally satisfying the industrial court that such party is entitled to succeed on the application as opposed to an evidentiary burden of adducing evidence in support of his contentions of submissions to the industrial court."⁶⁸

Die nywerheidshof het in elk geval 'n diskresie om 'n herstelbevel toe te staan of af te wys maar die nywerheidshof moet, by die uitoefening van sy diskresie, die volgende vereistes nakom:⁶⁹

- (a) die hof moet nagaan of die vereistes wat gestel word deur die Wet deur die partye nagekom is;⁷⁰
- (b) al die feite van die saak moet in aanmerking geneem word;
- (c) die hof moet die diskresie uitoefen volgens die beginsels van billikheid⁷¹ met inagneming van die oogmerk van hierdie diskresie ingevolge artikel 43⁷².

Wat artikel 46(9) aansoeke betref, word daar beslis in CCAWU & Others v Wooltru Ltd t/a Woolworths (Randburg)⁷³ dat die bewyslas slegs 'n plig op elke party plaas om materiële getuienis voor die nywerheidshof te bring ter ondersteuning van sy saak. Die getuienis van elke party word dan beoordeel

⁶⁸ Kloof Gold Mining Co Ltd v NUM 1987 (1) 598 (T) 606 C - E.

⁶⁹ NUM v Driefontein Consolidated 1984 5 ILJ 101 (NH) 114 - 116 en S R van Jaarsveld en J D Fourie Suid-Afrikaanse arbeidsreg 3de uitg. (1983) 308 A.

⁷⁰ Die vereistes word genoem deur SR van Jaarsveld en JD Fourie Suid-Afrikaanse Arbeidsreg 3de uitg (1983) 308A - 308B:

- *1) Die aansoeker moet aantoon dat die dispuut wat voor die Hof dien, een is soos omskryf in artikel 43(1);
- 2) Die nodige beëdigde verklarings soos vereis deur artikel 43(3), moes voor die Hof geplaas gewees het;
- 3) Die Hof moet tevrede wees dat die geskil na 'n nywerheidsraad verwys is, of dat aansoek gedoen is vir 'n versoeningsraad indien daar geen nywerheidsraad bestaan wat jurisdiksie besit nie;
- 4) Daar moet bewys gelever word dat die aansoeker per geregistreeerde pos aan die ander party tot die geskil, asook die nywerheidsraad, indien daar een is, kennis gegee het van die aansoek;
- 5) die tydlimiete wat gestel word deur die Wet en die reëls, moes nagekom gewees het."

⁷¹ M Brassey, E Cameron, H Cheadle en M Olivier The New Labour Law (1987) 377 (hierna genoem Brassey) noem dit 'n "fairness and common sense approach".

⁷² Nodlele v Mount Nelson Hotel 1984 ILJ 216 (NH) op 224; artikel 43(4)(b) van die Wet.

⁷³ 1989 10 ILJ 311 (NH) 312J - 313A.

en daarna word daar beslis of die party hom van sy bewyslas gekwyt het. Soortgelyk word daar beslis in NUMSA v Television & Electrical Distributors (Pty) Ltd⁷⁴ dat elke party 'n "burden to support their contentions and submissions" dra alhoewel dit nie as 'n bewyslas bestempel word nie.

2.4.3. Onus op die Werknemer

Volgens hierdie standpunt moet die applikant (werknemer) in 'n artikel 43(4)- en 46(9) aansoek bewys dat hy, op 'n oorwig van waarskynlikhede, onbillik ontslaan is⁷⁵.

In Bleazard v Argus Printing & Publishing⁷⁶ bepaal die nywerheidshof dat 'n herstelbevel kragtens artikel 43(4) van die Wet analoog is aan 'n aansoek om 'n tydelike interdik⁷⁷ in die hooggeregshof aangesien beide hierdie remedies tydelik van aard is⁷⁸ en dat die bewyslas op die applikant rus⁷⁹. Die hof bepaal verder dat die bewyslas wat die applikant (werknemer) dra verlang dat hy op 'n prima facie basis moet kan aantoon dat sy ontslag substantief en/of prosessueel⁸⁰ onbillik was. 'n Blote bewering van 'n onbillike arbeidspraktyk is onvoldoende⁸¹. Hierdie siening is gebasseer op die bewysreg reël van hy wat beweer moet bewys.

Die beginsel van 'n prima facie saak by 'n ontslag wat substantief onbillik is, word goed beskryf aan die hand van 'n voorbeeld: Gestel 'n werknemer word ontslaan weens diefstal. Die applikant (werknemer) beweer dat hy verkeerdelik

⁷⁴ 1993 14 ILJ 738 (NH) 747 l.

⁷⁵ Rautenbach op cit vn 20 op 68.

⁷⁶ 1983 4 ILJ 60 (NH) 73 B - C en 74 B.

⁷⁷ Sien die bespreking in paragrawe 2.2 en 2.3 hierbo.

⁷⁸ Sien Prest Interlocutory Interdicts (1993) 55 vir 'n bespreking van die vereistes vir 'n tydelike interdik en spesifiek p58-65 vir 'n bespreking van 'n prima facie saak en ook die bespreking onder 2.2 hierbo. Brassey et al op cit vn 71 op 374 en 124.

⁷⁹ Consolidated Frame Cotton Corporation Ltd v The President, Industrial Court and Others 1986 7 ILJ 285 (N) op 294, Olivier "The burden of proof in unfair dismissal proceedings" De Rebus (1991) 649.

⁸⁰ Substantiewe onbillikheid of prosessuele onbillikheid op 'n prima facie basis kan gesamentlik of afsonderlik voldoende wees voordat 'n herstelbevel toegestaan word (Rautenbach op cit vn 20 op 3).

⁸¹ SR van Jaarsveld en J D Fourie Suid-Afrikaanse Arbeidsreg 3de uitg. (1983) 307 en Brassey at al op cit vn 71 op 374.

ontslaan is weens 'n dwaling in identiteit. In 90% van die gevalle sal dit die respondent (werkgewer) weinig help om getuienis voor te lê wat aantoon dat die applikant inderdaad die dief is want dan ontstaan 'n feitegeskil wat nie by wyse van beëdigde verklarings finaliteit kan bereik nie. Die gevolg sal wees dat die werknemer 'n prima facie saak sal uitmaak alhoewel daar twyfel (die werkgewer se ontkenning) bestaan⁸².

Rautenbach is een van die skrywers wat ook van mening is dat die onus op die werknemer rus. Hy voer aan die hand dat 'n werknemer wat aansoek doen om 'n bevel kragtens artikel 43(4) dieselfde onus dra as 'n applikant wat om 'n dringende tydelike interdik⁸³ aansoek doen in die hooggeregshof⁸⁴. Die onus is egter 'n ligte onus om te kwytsê en word gesien as een van die voordele van 'n artikel 43(4) aansoek⁸⁵.

Wat artikel 46(9) aansoeke betref, is daar beslis in Ntuli v Litemaster Products⁸⁶ dat die onus ook by so 'n aansoek op die werknemer rus.

Rautenbach erken egter dat, by 'n artikel 46(9) aansoek, 'n onus om 'n billike ontslag te bewys (ook genoem 'n weerleggingslas) op die werkgewer kan rus indien die werkgewer die ontslag erken maar Rautenbach bespreek nie die presiese omvang van die onus wat op die werkgewer rus nie⁸⁷.

2.4.4. Onus op die Werkgewer

In 'n verskeidenheid sake het die nywerheidshof bepaal dat onus op die respondent (werkgewer) rus om aan te toon dat die ontslag billik was⁸⁸. Die

⁸² Rautenbach op cit vn 20 op 3.

⁸³ Sien die bespreking in paragraaf 2.3 hierbo - spesifiek ten opsigte van dringendheid.

⁸⁴ Die applikant kan suksesvol wees met sy aansoek as hy voldoen aan die onus vir 'n tydelike of finale interdik soos dit toegepas word in die hooggeregshof (sien paragraaf 2.2 hierbo vir die vereistes van 'n tydelike en finale interdik) Rautenbach op cit vn 20 op 1 en 12.

⁸⁵ Rautenbach op cit vn 20 op 1. 'n Ander voordeel is dat 'n artikel 43(4) bevel toegestaan kan word op grond van prosessuele onbillikheid alleen.

⁸⁶ 1985 6 ILJ 508 (NH) 511 l.

⁸⁷ Rautenbach op cit vn 20 op 33.

⁸⁸ NAAWU v Pretoria Precision Castings 1985 6 ILJ 369 (NH) op 372E; Pillay v C G Smith Sugar 1985 6 ILJ 530 (NH) op 537H; UAMAWU v Foders 1983 4 ILJ 212 (NH) op 229H; MAWU v Stobar Reinforcing 1983 4 ILJ 84 (NH) 85 D; Brassey et al op cit vn 71 op 374.

motivering agter hierdie besluit is omdat die werkgewer die besluit van ontslag geneem het en moet kan aandui op welke grondslag sodanige besluit geneem is⁸⁹ en omdat die feite wat sodanige grondslag gevorm het, binne die werkgewer se persoonlike kennis is⁹⁰.

Daar is ook beslis dat die werkgewer die bestaan van enige spesiale omstandighede, byvoorbeeld faktore wat ontslag regverdig, moet bewys al was die oorspronklike bewyslas op die werknemer⁹¹.

2.4.5 **Billikheidsoorwegings bepaal waar die onus rus**

Daar bestaan ook die siening dat billikheidsoorwegings of openbare beleidsoorwegings moet aantoon op welke party die bewyslas rus⁹².

Die faktore wat in ag geneem moet word wanneer daar na billikheids- en openbare beleidsoorwegings gekyk word, word omskryf in 'n artikel geskryf deur Professor Le Roux⁹³. Professor Le Roux wys daarop dat mens argumente kan uitmaak na beide kante toe. Daar kan byvoorbeeld geargumenteer word dat die werkgewer die onus moet dra omdat hy die besluit geneem het om te ontslaan. Aan die ander kant kan egter geargumenteer word dat die werknemer die onus moet dra aangesien hy die een is wat aansoek doen om regshulp⁹⁴.

Professor Le Roux stel 'n soepele benadering voor om te bepaal waar die onus sal rus.

As algemene reël rus die onus op die werknemer om aan te toon dat:

⁸⁹ *NAAWU v Pretoria Castings* 1985 6 ILJ 369 (NH) 372 E.

⁹⁰ *Bissessor v Baestores t/a Game Discount World* 1986 7 ILJ 334 (NH) op 338B.

⁹¹ *Mdlalose v IE Laher & Sons* 1985 6 ILJ 350 (NH) op 357C-H.

⁹² *Sien Henred Freuhauf Trailers (Pty) Ltd v NUMSA & Others* 1992 13 ILJ 593 (AAH) 598 F (met verwysing na *Kloof Gold Mining Co Ltd v NUM & Others* 1986 8 ILJ 598 (T) en AA Landman "The onus in final determinations; *Henred Freuhauf Trailers (Pty) Ltd v NUMSA*" *Contemporary Labour Law* Vol 1 No 7 (1992) 80.

⁹³ P A K le Roux "The onus of proof in unfair dismissal disputes" *Acta Juridica* 1990 100 op 107.

⁹⁴ Daar word nie tussen artikel 43(4)- en 46(9) aansoeke onderskei nie.

- (a) Daar aan die jurisdiksionele vereistes voldoen is, byvoorbeeld dat die werknemer ontslaan is en nie bedank het nie,⁹⁵ die statutêre voorgeskrewe tydsvereistes nagekom is ens.; en
- (b) Daar nie 'n billike prosedure, waar van toepassing, gevolg is in die neem van die besluit nie.

Die soepelheid van sy benadering lê in die bepaling van welke party die onus dra om aan te toon dat die rede vir ontslag billik was met ander woorde dat die ontslag substantief billik was. Ten einde 'n besluit te neem moet daar gekyk word na twee faktore:

- (a) die rede vir die ontslag en die tipe ontslag situasie; en
- (b) wie dra kennis oor die feite rondom die ontslag.

Die gevolg van hierdie soepele benadering is dat die werkgewer in meeste gevalle die onus sal dra om aan te toon dat die ontslag billik was aangesien hy gewoonlik kennis dra van die feite rondom die ontslag. Daar is egter ook gevalle waar die werknemer weens spesifieke kennis die onus sal dra, byvoorbeeld waar die werknemer ontslaan is as gevolg van afwesigheid sonder verlof. Die werkgewer moet aantoon dat die werknemer inderdaad afwesig was sonder verlof en die werknemer sal moet aantoon dat daar 'n goeie rede vir afwesigheid was soos dood of siekte. Soortgelyk sal 'n werknemer wat afgedank is weens aanranding self moet aantoon dat daar byvoorbeeld provokasie aanwesig was⁹⁶.

⁹⁵ Dit is opvallend dat artikel 192(1) van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 soos aangehaal deur Cheadle op cit vn 11 op 159 ook bepaal dat 'n werknemer die bewyslas dra om die bestaan van 'n ontslag te bewys.

⁹⁶ *Medupe & Others v Golden Spur*: 1987 9 ILJ 376 (NH) op 379 E. Hierdie benadering onderskei nie tussen 'n aansoek in terme van artikel 43(4) en 'n aansoek in terme van artikel 46(9) nie - sien voetnoot 94. 'n Aansoek in terme van artikel 43(4) het egter 'n addisionele vereiste vervat in artikel 43(4)(b)(v) naamlik dat die hof moet oorweeg of dit raadsaam is om 'n bevel ingevolge hierdie artikel toe te staan. Hierdie is 'n vereiste en het nie werklik betrekking op die bewyslas nie maar dit hou in dat die applikant (werknemer) moet bewys dat die oorwig van gerief die toestaan van die bevel moet regverdig. Sien Rautenbach op cit vn 20 op 12 en 63 en ook paragraaf 2.2 (iii) hierbo oor 'n bespreking van die oorwig van gerief.

2.4.6. Die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995

Ingevolge die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 word bepaal, ten opsigte van ontslaggeskille, dat 'n werknemer moet bewys dat 'n ontslag bestaan⁹⁷. Die Nuwe Wet maak ook in artikel 187 voorsiening vir ontslagte wat outomaties onbillik is en die werknemer sal ook in die geval net moet bewys dat 'n ontslag bestaan. Die werkgewer moet daarop, ingevolge artikel 192(2) bewys dat die ontslag nie outomaties onbillik was nie en, waar dit die geval is, dat die ontslag prosessueel en substansieël billik was⁹⁸.

Die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 verskil in 'n geringe mate van Professor Le Roux se voorgestelde toepassing van die bewyslas in die nywerheidshof. Eerstens word die bewyslas van die werknemer om 'n onbillike prosedure te bewys, soos voorgestel deur Prof. Le Roux, verander en daar word statutêr bepaal dat die werkgewer moet bewys dat 'n billike prosedure gevolg is⁹⁹.

Hierdie verandering word verwelkom omdat die werkgewer tog in elk geval die prosedure neergelê en geïmplimenteer het. Hierdie benadering sal ook verhoed dat 'n werknemer wat ontslaan is en onbewus is van 'n prosessuele onbillikheid regshulp ontsê word omdat hy nie sodanige onbillikheid bewys het nie. Die voorsittende beampte van die nywerheidshof of ander tribunaal moet prosessuele billikheid toets op die werkgewer se weergawe.

Daar word ook vermoed dat hierdie beginsel, soos die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 bepaal, toegepas sal word in die Nywerheidshof al het die Nuwe Wet nog nie statutêre werking nie want die hof sal in alle waarskynlikheid na die Nuwe Wet kyk vir leiding.

Tweedens sal die werknemer, al het hy spesifieke kennis oor byvoorbeeld sy afwesigheid by 'n klag van afwesig sonder verlof, nie die bewyslas daarvoor dra nie. Artikels 188(1) en 192(2) van die Nuwe Wet bepaal dat die werkgewer die bewyslas dra om aan te toon dat die rede vir ontslag billik was.

⁹⁷ Artikel 192(1) van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995.

⁹⁸ Artikel 188(1) van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995.

⁹⁹ Artikel 188(1) van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995.

3. GETUIENISLEWERING

3.1. Inleiding

In hierdie verhandeling word daar gekonsentreer op die omskrywing, toelaatbaarheid en voortbring van mondelinge getuies, reële getuienis, dokumente, toestelle en apparate soos dit aangetref word in die nywerheidshof¹⁰⁰.

As algemene reël hoor die nywerheidshof nie mondelinge getuienis aan by artikel 43-prosedures nie¹⁰¹. Die saak word gewoonlik slegs op beëdigde verklarings, skriftelike betoë¹⁰² en mondelinge betoë¹⁰³ beslis.

Dokumentêre getuienis kan deur middel van verwysing in 'n beëdigde verklaring deel vorm van die getuienis waarna die hof sal kyk by 'n artikel 43-aansoek maar sodanige dokumente moet toelaatbaar wees¹⁰⁴.

Mondelinge en dokumentêre getuienis by artikel 46-vasstellings moet ook die toets van toelaatbaarheid deurstaan. Die algemene reël oor toelaatbaarheid word soos volg omvat in Reël 8(1) van die nywerheidshof:

"8.(1) Tensy die hof uit eie beweging of op aansoek 'n andersluidende aanduiding in verband met die toelaatbaarheid van getuienis uitreik, is slegs getuienis wat in siviele verrigtinge in 'n geregshof toelaatbaar is, by die verrigtinge in die hof toelaatbaar."¹⁰⁵

¹⁰⁰ Daar word ook in 'n mindere mate verwys na arbitersuitsprake wat van hulp kan wees.

¹⁰¹ Ten opsigte van artikel 17(11)(a) aansoeke kan daar genoem word dat reël 21(7) van die nywerheidshof bepaal dat die nywerheidshof self kan bepaal of die aansoek op beëdigde verklarings of by wyse van mondelinge getuienis moet plaasvind. Wat artikel 17(11)(aA) aansoeke betref, kan die aansoek op beëdigde verklarings of by wyse van mondelinge getuienis aangehoor word afhangende van die dringendheid van die aansoek - sien Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v NUMSA 1993 14 ILS 152 (NH) 154 G-H.

¹⁰² Indien skriftelike betoë versoek is by wyse van 'n skriftelike kennisgewing in die nywerheidshof kragtens nywerheidshofreël 19.

¹⁰³ Sien nywerheidshofreël 25(8).

¹⁰⁴ S R Van Jaarsveld en B P S Van Eck Kompendium van Suid-Afrikaanse Arbeidsreg 1992 332; M Olivier "Status Quo-bevele" De Rebus 1991 721 op 723; Rautenbach op cit vn 20 op 2; artikel 43(4)(b)(iii) van die Wet magtig die aanhoor van mondelinge getuienis.

¹⁰⁵ Vermoedelik sal 'n soortgelyke reël gemaak word deur die Reëlsraad kragtens artikel 159(3) van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge soos in Cheadle op cit vn 11 op 162.

Gevolglik volg 'n gedetailleerde bespreking van die toelaatbaarheid van verskillende soorte getuienis wat aangetref kan word en 'n bespreking van die toelaatbaarheid van die inhoud van dokumentêre getuienis in die nywerheidshof. Die mees algemene vorm van getuienislewering is deur getuies en daarom word dit eerste bespreek.

3.2. Getuienislewering deur middel van Getuies

3.2.1. Die Oproep van Getuies

Die Registrateur¹⁰⁶ en 'n lid¹⁰⁷ van die nywerheidshof kan enigeen wat na sy mening in staat is om inligting van wesenlike belang, aangaande die onderwerp wat ondersoek word, te verstrek of wie hy vermoed 'n boek, stuk of ding wat betrekking het op die onderwerp wat ondersoek word, in besit of bewaring of onder sy beheer het, as getuie dagvaar. 'n Party kan ook die Registrateur of die Hof oortuig dat daar redelike gronde bestaan waarom 'n persoon moet getuig en dan moet daardie persoon gedagvaar word¹⁰⁸.

3.2.2. Deskundige Getuienis¹⁰⁹

As algemene reël word deskundige getuies toegelaat onderworpe aan die bepalings van Reël 8(2) van die nywerheidshof:

"(2) 'n Party wat van voorneme is om 'n deskundige getuie te roep, moet redelike kennis daarvan aan die griffier en die ander party by die geskil gee tesame met 'n opsomming van so 'n getuie se beoogde getuienis op 'n tyd voor die verhoor wat voldoende is om elke party in staat te stel om die opsomming te oorweeg en die behoefte aan enige uitstel te vermy ten einde verspilte koste as gevolg van uitstelte vir bestudering van sodanige getuienis te voorkom."

¹⁰⁶ Artikel 12(4) van die Wet.

¹⁰⁷ Artikel 17(17) van die Wet.

¹⁰⁸ Artikel 12(4)(a) en 17(17)(a) van die Wet. Volgens artikel 142 van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge soos gepubliseer in Cheadle op cit vn 11 kan 'n aangestelde Kommissaris iemand as getuie dagvaar soortgelyk aan die bevoegdheide van die Registrateur en die Hof soos hierbo bespreek.

¹⁰⁹ Ingevolge artikel 142(1)(c) van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 soos in Cheadle op cit vn 11 op 155 kan die Kommissaris self 'n deskundige getuie subpoena of oproep na gelang van die geval.

Dit is opvallend dat reël 8(2) geen spesifieke tydsvoorskrif daarstel nie maar slegs stipuleer dat "redelike kennis" gegee moet word "op 'n tyd voor die verhoor wat voldoende is om elke party in staat te stel om die opsomming te oorweeg". Daar is nie nywerheidshof uitsprake oor wat gesien kan word as "redelike kennis" nie maar daar kan geargumenteer word dat reël 24(9) van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 en reël 36(9) van die Wet op Hooggeregshowe 59 van 1959 as 'n handige maatstaf gebruik kan word. Gevolglik word voorgestel dat daar minstens 15 dae voor die verhoor 'n kennisgewing van voorneme om 'n deskundige getuie te roep en minstens 10 dae voor die verhoor 'n opsomming van die getuie afgelewer en geliasseer word¹¹⁰.

Dit moet ook genoem word dat die reëls van die nywerheidshof slegs 'n opsomming van die deskundige se getuienis vereis maar dat die bogenoemde Landdroshof- en Hooggeregshofreëls 'n opsomming van die deskundige se mening en redes vereis¹¹¹.

Nie-nakoming van die vereiste kan deur die partye onderling gekondoneer word¹¹².

Deskundige getuies word byvoorbeeld gebruik om aan te dui dat slegs kundiges 'n stemontledings- toets vir 'n leuenverklikker kan uitvoer wat geskik is om as getuienis gebruik te word¹¹³, en dat stembriewe by 'n staking vervals is¹¹⁴, en om te bewys dat 'n sekere siekte werksverwant is¹¹⁵.

Deskundige getuies is ook al aangebied oor die noodsaaklikheid van betaling van skeidingsgeld by afdanking weens oortolligheid¹¹⁶ maar die

¹¹⁰ *Die teenparty moet oor voldoende tyd beskik om die opsomming te bestudeer, aan sy eie deskundige voor te lê en dalk selfs te konsulteer met die betrokke deskundige getuie wat geroep staan te word.*

¹¹¹ *Sien C Loots "The rules of the Industrial Court" (1982) 3 ILJ 145 op 205.*

¹¹² *Sien NUM v Amcoal Collieries & Industrial Operations Ltd 1991 12 ILJ 1340 (H) op 1341 G - H. Indien die teenparty nie tot kondonasië wil instem nie kan die nywerheidshof, ingevolge reël 8(3), die deskundige getuienis weier of by aanvoering van gegronde redes uitstel beveel en 'n verspilde kostebevel maak.*

¹¹³ *Mahlanqu v CIM DELTAK, Gallant 1986 7 ILJ 346 (NH) 346 G.*

¹¹⁴ *Hotelicca & Others v Late Nite Al's (Pty) Ltd 1992 13 ILJ 636 (NH) 637 D - F.*

¹¹⁵ *NUM v Rustenburg Base Metals Refiners (Pty) Ltd 1993 14 ILJ 1094 (NH) 1097 B.*

¹¹⁶ *Young & Andere v Lifegro Assurance 1990 11 ILJ 1127 (NH) 1132 G.*

arbeidsappèlhof het hieroor beslis in Bester Homes (Pty) Ltd v Cele & Andere¹¹⁷ dat daar geen algemene plig op 'n werkgewer bestaan om skeidingsgeld te betaal nie en dat die nywerheidshof of arbeidsappèlhof nie verplig is om 'n deskundige getuie se advies te volg nie¹¹⁸.

'n Verdere voorbeeld van waar 'n deskundige getuie gebruik kan word is waar 'n aktuaris getuig oor die quantum van 'n gedingsparty se eis.¹¹⁹

3.2.3. Hoorsêgetuienis

3.2.3.1. Inleiding

Die algemene voorskrifte vir die toelaatbaarheid van hoorsêgetuienis verskyn in Artikel 3(1) van die Wysigingswet op die Bewysreg¹²⁰. Hierdie Wet bepaal as algemene reël dat hoorsêgetuienis in beginsel ontoelaatbaar is behoudens die bepaling van enige ander Wet¹²¹.

Die volgende uitsonderings bestaan op die algemene reël ingevolge die wysigingswet op die Bewysreg¹²²:

- a) Artikel 3(1)(a) - 'n party teen wie die hoorsêgetuienis aangebied gaan word kan toestem daartoe;
- b) Artikel 3(1)(b) - indien die oorspronklike verklaarder self getuienis aflê;

¹¹⁷ 1992 1 LCD 877 (AAH).

¹¹⁸ Die deskundige getuies was van mening dat die nie-betaal van skeidingsgeld 'n onbillike arbeidspraktyk daarstel op 881 I - J. Die Transvaalse Arbeidsappèlhof bevind egter in Imperial Cold Storage & Supply Co. Ltd v Field 1993 14 ILJ 1221 (AAH) 1229 E - G dat inteenstelling met die Bester Homes saak, die nie-betaling van skeidingsgeld inderdaad 'n onbillike arbeidspraktyk kan daarstel. Hierdie onsekerheid word egter uit die weg geruim deur artikel 196 van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 soos aangehaal deur Cheadle op cit vn 11 wat die bepaling van skeidingsgeld verplig.

¹¹⁹ Amalgamated Beverages Industries (Pty) Ltd v Jonker 1993 14 ILJ 1232 (AAH) 1233 H. Ingevolge die Nuwe Wet op Arbeidsverhouding 1995 artikel 194 soos aangehaal deur Cheadle op cit vn 11 word daar 'n beperking geplaas op die maksimum vergoeding wat toegestaan word en derhalwe word vermoed dat aktuarisse wanneer die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 intree (vermoedelik Mei 1996) minder gebruik sal word as wat tans die geval is om die bedrag vergoeding vas te stel.

¹²⁰ 45 van 1988.

¹²¹ Schmidt op cit vn 1 op 447.

¹²² Wet 45 van 1988.

- c) Artikel 3(1)(c) - die hof in sy diskresie besluit om hoorsêgetuënis toe te laat.

3.2.3.2. Hoorsêgetuënis in die Nywerheidshof

Die nywerheidshof, in ooreenstemming met die bogenoemde algemene voorskrifte, steun soms op hoorsêgetuënis¹²³. In Mkhwanazi v Plasser Railway Machinery (SA) Pty Ltd¹²⁴ bevind die nywerheidshof dat daar op hoorsêgetuënis gesteun kan word maar dat dit met versigtigheid gedoen moet word en dat indien daar ander getuënis beskikbaar is, wat nie aangebied word nie, hoorsêgetuënis min gewig moet dra.

Hoorsêgetuënis alleen is egter onvoldoende om 'n saak te bewys¹²⁵.

Die nywerheidshof vereis ingelyks eerstehandse getuënis oor oneerlikheid indien 'n kostebevel aangevra word - hoorsêgetuënis is onvoldoende¹²⁶.

In 'n onlangse beslissing het die nywerheidshof 'n faksimilee waarin hoorsêgetuënis verskyn het toegelaat aangesien dit voldoen het aan die vereistes van artikel 34 van die Wet op Bewysleer in *Siviele Sake*¹²⁷.

¹²³ *Sien Food and Allied Workers Union & Others v Amalgamated Beverage Industries Ltd* 1994 15 ILJ 1057 (AAH) 1063 F en *Laevelde Koöperasie (Bpk) (Tobacco Division) and Others v SA Commercial Catering & Allied Workers Union* 1993 14 ILJ 1354 (NH) 1358 F. *Sien vir gevalle waar die nywerheidshof nie op hoorsêgetuënis gesteun het nie Paper Printing Wood & Allied Workers Union v Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Transvaal* 1994 15 ILJ 1352 (NH) 1357 B. *By die aanhoor van 'n artikel 43 aansoek hoor die nywerheidshof gewoonlik nie mondelinge getuënis aan nie maar die hof het 'n diskresie ingevolge artikel 17(17) van die Wet. Geen mondelinge hoorsêgetuënis sal egter by 'n artikel 43 aansoek aangehoor word nie sien National Union of Textile Workers v Polyknit Industries* 1984 ILJ 192 (NH) 200 C-D en SR van Jaarsveld & JD Fourie *Suid-Afrikaanse Arbeidsreg* 3de uitg (1983) 310.

¹²⁴ 1993 14 ILJ 237 (NH) 237 D - E - hoorsêgetuënis in 'n beëdigde verklaring by 'n artikel 43-aansoek. *Sien ook SA Commercial Catering & Allied Workers Union and OK Bazaars Ltd* 1992 ILJ 436 (ARB) 436 H - J: "Hearsay evidence should generally be heard and admitted in arbitrations. It should only be excluded when it amounts to mere idle chatter or fuzzy rumours. In determining what weight should be attached to hearsay evidence, an arbitrator should take into account the reason for the witness's non-appearance at the arbitration proceedings and circumstances under which the hearsay statement was made; the existence of factors which indicate that the reported statement was clear and consistent; the existence of corroboration in the evidence which is directly led before the arbitrator; and the intrinsic quality of any evidence given by the person implicated in the hearsay statement." *Let egter daarop dat hoorsêgetuënis blykbaar, vanweë hierdie benadering by arbiters, makliker toegelaat word in arbitrasies as in die nywerheidshof.*

¹²⁵ *NUM and Others v Deelkraal Gold Mining Co Ltd* 1994 15 1327 (NH) 1342 G - H, *sien ook Chemical Workers Industrial Union & Another v Hoescht (Pty) Ltd* 1993 14 ILJ 471 (NH) 474 F en *NUMSA v Rotor Electrical CC* 1993 14 ILJ 1042 (AAH) 1044 A - B. *Sien Checkers SA Ltd and S A Commercial Catering & Allied Workers Union* 1992 13 ILJ 446 (ARB) 446 I waar die arbiter bevind dat die toets vir toelaatbaarheid van hoorsêgetuënis is geleë daarin dat dit toegelaat kan word indien dit geen nadeel vir die teenparty inhou nie en dat meer gewig aan hoorsêgetuënis gekoppel kan word indien ander ooreenstemmende getuënis bestaan.

¹²⁶ *Dhlamini v Lombards Transport Services (Pty) Ltd* 1995 5 LCD 30 (NH).

¹²⁷ 25 van 1965; *Tseane v Get Ahead Foundation* 1995 16 ILJ 202 (NH) 211 A - E.

Met verwysing na artikel 34(1) en (4) van hierdie Wet bevind die nywerheidshof dat die hoorsêgetuienis toelaatbaar is aangesien daar voldoen word aan die vereistes vir toelaatbare hoorsêgetuienis en omdat die oorspronklike ondertekende faksimilee ingehandig is as stawende getuienis. Die persoon wat die faksimilee onderteken het, kon nie as getuie geroep word nie aangesien hy hom buite die Republiek van Suid-Afrika bevind het en hy met redelike pogings nie opgespoor kon word nie¹²⁸.

3.2.4. **Die Omstandighedsgetuie**

Omstandighedsgetuies is toelaatbaar en kan help om die waarskynlikheid van 'n party se saak aan te sterk¹²⁹. Omstandighedsgetuies is getuienis van 'n feit of feite waaruit 'n afleiding gemaak kan word¹³⁰. Daar moet onderskei word tussen 'n afleiding en 'n aanname. In die Dubuzane- saak bevind die Appèlhof:

"Inference must be carefully distinguished from conjecture or speculation. There can be no inference unless there are objective facts from which to infer the other facts which it is sought to establish But if there are no positive proved facts from which the inference can be made, the method of inference fails and what is left is mere speculation or conjecture."¹³¹

Omstandighedsgetuies word in die arbeidsreg gebruik, soortgelyk aan die gebruik in siviele sake¹³². Die mees waarskynlike weergawe sal as korrek aanvaar word indien daar meer as een weergawe voorgelê word en in die verband kan omstandighedsgetuienis van deurslaggewende belang wees¹³³.

¹²⁸ Tseane v Get Ahead Foundation 1995 16 ILJ 202 (NH) 211 B.

¹²⁹ Pick & Pay Stores Ltd and SACCAW 18 Oktober 1991 Arbitration Digest IMMSA 1990 2.9

¹³⁰ *Schmidt op cit vn 1 op 92.*

¹³¹ Motor Vehicle Assurance Fund v Dubuzane 1984 1 SA 700 (A) 706 B-C met verwysing na Caswell v Powell Duffryn Associated Collieries Ltd 1940 AC 152 All ER 722.

¹³² Capital Tobacco (Pty) Ltd and SACCAWU 18 November 1994 Arbitration Digest IMSSA Vol. 3 Part 1 August - November 1993 op bl. 14

¹³³ Tseane v Get Ahead Foundation 1995 16 ILJ 202 (NH) 210 G.

3.2.5. Aanbieding van Getuienis

3.2.5.1. Die Ongeïdentifiseerde Getuie en 'n Verhoor in Camera

In die arbeidsreg kom dit telkens voor dat 'n getuie sy identiteit nie bekend wil maak nie omdat sy veiligheid dalk in gedrang kan kom. Die getuienis wat die getuie aflê kan dan nie getoets word deur kruisondervraging nie en dit veroorsaak dat hierdie getuienis met versigtigheid benader moet word.

Die nywerheidshof¹³⁴ bevind dat dit prosessueel onbillik is van 'n werkgewer om na die aanhoor van getuienis (wat nie deur die beskuldigde of sy verteenwoordiger getoets kan word nie) te bevind dat die onus op die beskuldigde rus om te bewys dat hy onskuldig is.

Die identiteit van getuies kan wel in sekere omstandighede geheim gehou word byvoorbeeld indien die getuie getuig in 'n intimidasie aanklag en vrees vir sy eie veiligheid.

In Secunda Collieries Ltd and Chemical Workers and Industrial Union¹³⁵ beklemtoon die arbiter dat hierdie soort prosedure moeilik met 'n billike verhoor versoenbaar is omdat 'n getuie makliker valse getuienis sal gee as hy weet hy bly anoniem, dit 'n omstandigheid skep waar daar geen persoon is om 'n valse bewering uit te wys nie en dit bykans onmoontlik is om 'n feite geskil sonder kruisverhoor op te los. Die arbiter bevestig egter dat dit soms noodsaaklik is om die getuie anoniem te hou en stel die volgende toets voor vir die toelaatbaarheid van ongeïdentifiseerde getuies: die party wat anonieme getuienis wil aanbied moet bewys dat die anonieme getuie 'n wesentlike invloed sal hê op die vasstelling van die saak; hy moet ook bewys dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat daar kwaad aan die getuie gedoen sal word as sy identiteit bekend is en dat die teenparty, teen wie die anonieme getuie getuig, 'n geleentheid sal kry om die weergawe van die anonieme getuie te

¹³⁴ Malapile & Another v Germiston Ceramics and Potteries 1986 ICD (1) 542.

¹³⁵ 1992 13 ILJ 454 (ARB) 457 l.

toets¹³⁶:

Daar kan geargumenteer word dat die arbiter se opinie in die bogenoemde arbitrasie selfs in 'n nywerheidshof as gesag kan dien aangesien arbiters ook die normale reëls met betrekking tot die bewysreg in geregshowe¹³⁷ as riglyne gebruik net soos die nywerheidshof¹³⁸.

In EAWTU v The Productions Castings¹³⁹ bevind die nywerheidshof, op 'n aansoek om getuies in camera aan te hoor, dat die nywerheidshof 'n hof van billikheid is en dat die normale reëls van prosedures en die bewysreg nie in die hof se pad moet staan om die waarheid vas te stel nie. Die hof kwalifiseer egter hierdie stelling aan die hand van sekere riglyne:

- "(a) The court should warn itself of the danger inherent in such a course, which danger in the court's view would lie in opening up a Pandora's box to let elements of secrecy, covertness, prejudice and even malice enter the portals of an institution which, in the nature of things, would be ill-equipped to handle and control them;
- (b) the evidence sought to be led must be material if not of a decisive nature;
- (c) a proper factual basis must be established that there is a reasonable possibility that the witness would be harmed should the evidence be led in open court or his identity be established.¹⁴⁰

¹³⁶ 1992 13 ILJ 454 (ARB)458 G.

¹³⁷ M Jacobs The Law of Arbitration in SA (1977) 80 en Liberty Box and Bag Co. (Pty) Ltd and Paper Wood and Allied Workers Union Arbitration Digest IMSSA 1990 2.2.

¹³⁸ Sien die bespreking van reël 8(1) van die nywerheidshof in paragraaf 3.1 hierin sowel as NUM v Free State Consolidated Gold Mines Operations Ltd 1989 10 ILJ 1117 (NH) 1122 H-I en 1123 A-B.

¹³⁹ ICD 4 Junie 1989 524.

¹⁴⁰ Sien ook NUM v Rustenburg Platinum Mines Ltd 1992 12 ILJ 226 (NH) 226 I waar bevind word dat slegs as 'n feite basis bestaan kan in camera getuienis aangehoor word. As die getuie self sê dat hy in ope hof sal getuig dan verval die feite basis.

Gevolglik kan gesê word dat getuienis in camera aangehoor kan word indien 'n feite basis daarvoor bestaan. Dit is 'n uitsondering op die reël dat natuurlike geregtigheid altyd toegepas moet word¹⁴¹.

In NUM & Others v Deelkraal Gold Mining Co Ltd¹⁴² laat die nywerheidshof in camera getuienis toe. Die hof beslis verder dat in terme van artikels 12(7) en 17(17)(a) van die Wet die hof 'n getuie, op sy versoek agter geslote deure moet aanhoor. Die hof moet dan sy diskresie, soos voorsien deur reël 6(2), uitoefen en beslis of 'n feitebasis bestaan hoekom getuienis in camera aangehoor moet word. Die hof bevind ook dat die bevel van in camera getuienis nie 'n stryd is met artikels 24, 25(3) of 35 van die Grondwet nie¹⁴³.

In TGWU v Durban Transport and Management Board¹⁴⁴ word die regsposisie soos volg opgesom: tydens die eerste stadium moet die hof 'n bevinding maak oor of 'n feitlike basis bestaan wat die afwyking van 'n ope hof prosedure sal regverdig. Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word:

- die algemene reël is dat natuurlike geregtigheid so ver moontlik toegepas moet word;
- prosedures word normaalweg in 'n ope hof gehou want "justice must also be seen to be done";
- slegs spesiale omstandighede kan die nie-nakom van die reëls van natuurlike geregtigheid regverdig en die persoon wat die spesiale omstandighede beweer dra die onus om dit te bewys;
- die een wat spesiale omstandighede moet bewys, moet aantoon dat 'n redelike moontlikheid bestaan, en nie 'n redelike waarskynlikheid nie, dat hy fisies benadeel kan word indien hy in 'n hof getuig.

¹⁴¹ *Nene & Others v Durban Transport Management Board* 1992 13 ILJ 684 (NH) 687 A-B.

¹⁴² 1994 7 BLLR 97 (NH) soos gerapporteer in die bundel Labour Law under the New Constitution. Seminaar (Butterworths) September 1994 op bl 68.

¹⁴³ *Die Tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993*.

¹⁴⁴ NH 11/2/2038 soos bespreek deur P A K le Roux in Contemporary Labour Law Vol. 1 No. 1 Augustus 1991 bl. 9.

Indien die hof tevrede is, kan daar beveel word dat getuienis in camera aangehoor kan word. Die tweede stadium is die aanhoor van getuienis in camera oor die meriete van die saak.

3.2.5.2. Kruisondervraging

Die doel van kruisondervraging is tweeledig. Eerstens om die getuienis te toets en tweedens om die beskuldigde se weergawe aan die getuie voor te lê vir kommentaar.

Wat die laaste deel betref word selfs so ver gegaan om te sê dat dit die plig van die kruisondervraer is om die beskuldigde se weergawe aan die getuie voor te lê¹⁴⁵.

In Checkers S A Ltd and CCAWU¹⁴⁶ bevind die arbiter dat getuienis by wyse van beëdigde verklaring ontoelaatbaar is omdat dit nie deur kruisondervraging getoets kan word nie.

In NUM & Others v The Government Mining Engineer & Others¹⁴⁷ bevind Regter Goldstein dat die toelaat van kruisondervraging by verhore, waar die Wet niks bepaal nie, in die diskresie is van die voorsittende beampte. Hier moet egter onthou word dat die saak beslis is voor die inwerking-treding van die Tussentydse Grondwet¹⁴⁸ en dat die grondwet toepassing vind op arbitrasie vasstellings en vasstellings deur die quasi-administratiewe liggame, naamlik die nywerheidshof¹⁴⁹.

¹⁴⁵ *Pick 'n Pay Ltd (Kroonstad, OVS Tak) v Commercial Catering & Allied Workers Union of S A* 1990 11 ILJ 862 (ARB) 867 E - F, sien ook die bespreking in par. 3.2.5.1 oor die gebruik van 'n arbiter se uitspraak as gesag in die nywerheidshof.

¹⁴⁶ 31 Oktober 1991 *Arbitration Digest IMSSA Vol. 3 Part 1 August - November 1993* op 2.8; sien ook *NUPSW v City Council of Randburg* 1993 2 LCD 78 (NH) waar die hof bevind dat dit is "trite law that an accused, in order to defend himself, must be given the opportunity to cross-examine witnesses who testify against him and he must be allowed to testify himself. In other words the rules of natural justice must be observed and implemented" (At 5-6).

¹⁴⁷ 1990 11 ILJ 313 (WPA) 318 H - 319 D.

¹⁴⁸ Wet 200 van 1993.

¹⁴⁹ *Brassey, Gauntlet, Pretorius and Myburgh Labour Law under the New Constitution Seminar* September 1994 op 15.

Artikel 24 van die Suid-Afrikaanse Grondwet lui soos volg:

"Elke persoon het die reg -

- (a) op regsgeldige administratiewe optrede waar enige van sy of haar regte of belange geraak of bedreig word;
- (b) op prosedureel billike administratiewe optrede waar enige van sy of haar regte of regmatige verwagtings geraak of bedreig word;
- (c) om skriftelik van redes te voorsien word vir administratiewe optrede wat enige van sy of haar regte of belange raak, tensy die redes vir sodanige optrede openbaar gemaak is; en
- (d) op administratiewe optrede wat regverdigbaar is met betrekking tot die redes wat daarvoor gegee is, waar enige van sy of haar regte geraak of bedreig word."

Artikel 24 sluit die reg op kruisondervraging in maar soms kan die openbare belang verlang dat die reg nie toegelaat word nie¹⁵⁰.

Gevolgtik is die skrywer van mening dat die regsposisie soos uiteengesit in NUM & Others v The Government Mining Engineering & Others¹⁵¹ steeds geld in die sin dat die voorsittende beamppte die diskresie het om kruisondervraging toe te laat maar die diskresie word nou strenger beperk deur artikel 24 saamgelees met die beperkings-klousule, artikel 33(1) (a) & (b) (bb) in die sin dat die reg op kruisondervraging slegs geweier kan word indien dit noodsaaklik is.

3.2.5.3. Geloofwaardigheid en Weersprekende Getuienis

Die geïllustreerde uitdrukking is dat bewys verskaf word in siviele- en nywerheidshofsake op 'n oorweg van waarskynlikhede ("on a balance of probabilities").

¹⁵⁰ G Carpenter *THRHR* (1994) Augustus op 470 en die bespreking in par 3.2.5.1 oor die verhoor in camera as 'n voorbeeld waar die openbare belang die reg nie toelaat nie.

¹⁵¹ *Sien voetnoot 147.*

Die geloofwaardigheid van elke getuie moet beoordeel word as 'n faktor om die waarskynlikheid van die weergawe te beoordeel¹⁵². Geloofwaardigheid moet egter van waarskynlikheid onderskei word. Die eersgenoemde is 'n subjektiewe beoordeling van die betroubaarheid van getuienis en die laasgenoemde het te doen met die afweging van objektiewe afleidingsgronde.

By wedersydse uitwissende weergawes volg die hooggeregshof die weergawe wat deur die waarskynlikhede gesteun word. Indien daar geen waarskynlikheid bestaan nie maak die hof 'n besluit oor of die litigant, op wie die bewyslas rus, bewys het dat die een weergawe korrek is en die ander vals (sogenaamde "absolute reliance"). Indien die hof negatief antwoord sal die litigant op wie die bewyslas rus die onderspit del¹⁵³.

Die teenoorgestelde met betrekking tot "absolute reliance" is egter nie korrek nie. As 'n getuie ongeloofwaardig bevind word beteken dit nie dat alles wat die getuie gesê het as onwaar bestempel moet word nie. Die arbiter in Pirie Appleton Africa (Pty) Ltd and PPWAWU¹⁵⁴ volg die riglyne van die hooggeregshof:

"The arbitrator then noted that the Supreme Court had held that where an accused person is untruthful, it does not necessarily mean that the accused was guilty. The Supreme Court has identified certain factors which should be taken into account when considering the false testimony given by an accused including: the nature, extent and materiality of the lies and whether they necessarily point to a realisation of guilt; the accused person's age, level of development and cultural and social background and standing insofar as they might provide an explanation for his lies; possible reasons why people might turn to lying; and a tendency which might arise in some people to deny the truth out of fear of being held to be involved in a crime, or because they fear that an admission of their involvement in an incident or crime, however trivial the involvement, would lead to the danger of an inference of participation

¹⁵² *Schmidt hierbo op cit vn 1 op 74.*

¹⁵³ *Ko-Operatiewe Landboumaatskappy Bpk v Suid Afrikaanse Spoorwee & Hawes* 1974 4 SA 420 (W) 426 C-D.

¹⁵⁴ *30 Augustus 1991 Arbitration Digest IMSSA 1990 2.9.*

and guilt out of proportion of the truth."

Die arbiter gaan voort en bevind dat 'n gedeelte van die getuienis inderdaad as korrek aanvaar kan word. Die nywerheidshof sal ook hierdie benadering volg aangesien dit die beginsel weergee wat in siviele verrigtinge in geregshowe toelaatbaar is¹⁵⁵.

3.3 Getuienislewering deur middel van Dokumente

3.3.1. Definisie van 'n Dokument

Oxford Advanced learner's Dictionary of Current English¹⁵⁶ definieer 'n dokument as "written or printed, to be used as a record or in evidence".

Ingevolge artikel 33 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake 1965 beteken dokument, afgesien van sy gewone betekenis ook enige boek, kaart¹⁵⁷, plan, tekening of portret¹⁵⁸. Hierdie wye definisie sluit egter nie alle middels waarmee inligting of gedagtes bewaar kan word, soos bandopnames, in nie¹⁵⁹.

Die bekendste regterlike definisie van 'n dokument is "any writing or printing capable of being made evidence"¹⁶⁰. Rekenaar drukstukke in die normale verloop van besigheid¹⁶¹ en foto's¹⁶² word ook as dokumente bestempel en is as sodanig toelaatbaar¹⁶³. Met verwysing

¹⁵⁵ Sien reël 8(1) van die nywerheidshof en die bespreking in par. 3.2.5.1 oor die gebruik van 'n arbiter se uitspraak as gesag in die nywerheidshof.

¹⁵⁶ (1986) 256, S v Russel 1981 (2) SA 2 1 (C) 30 C-E.

¹⁵⁷ S v Tsapo 1970 (2) SA 250 (T) 259.

¹⁵⁸ Schmidt op cit vn 1 op 315

¹⁵⁹ Sien die bespreking in par. 3.4 hieronder

¹⁶⁰ Die materiaal waarop die skrif of drukwerk voorkom maak nie saak nie. Sien R v Daye 1908 2 BK 333, 22 Digest (Repl) 426 4635 en Seccombe v Attorney-General 1919 TPD 270 op 277. Natuurlik is beëdigde verklarings ingesluit sien Mshumi & Others v Roben Packaging (Pty) Ltd t/a Ultrapark 1988 9 ILJ 619 (NH) 619D.

¹⁶¹ S v Harper and Another 1981 (1) SA 88 (D) 95 E - H.

¹⁶² Protea Assurance Co Ltd and Another v Waverley Agencies and Others 1994 (3) SA 247 (C).

¹⁶³ Sien Schmidt op cit vn 1 op 341 en 346.

na foto's kyk die hof in Protea Assurance Co Ltd and Another v Waverley Agencies and Others¹⁶⁴ na die definisie van "dokument" en bevind dat foto's, net soos skilderye of prente, nuttige dokumente kan vorm selfs al is dit van 'n swak gehalte.

Vir 'n dokument om toelaatbaar te wees as getuienis moet sodanige dokument geïdentifiseer word en die egtheid daarvan bewys word¹⁶⁵.

3.3.2. Inlewering van 'n Dokument : Identifikasie en Bewys van Egtheid

3.3.2.1. Die Reël in Bewysreg

Die algemene reël is dat 'n dokument, net soos 'n gewone bewysstuk, nie sonder meer deur die verteenwoordigers van die partye ingegee kan word nie¹⁶⁶. Dit word ingegee deur 'n getuie wat kan bewys dat dit eg is, dit wil sê dat dit is wat dit voorgee om te wees.

'n Dokument kan deur een van die volgende persone ingedien word¹⁶⁷:

- die outeur, verlyer of ondertekenaar;
- 'n getuie;
- iemand wat die handskrif kan identifiseer;
- iemand wat die dokument in die teenstaander se besit of onder sy beheer gevind het; of
- iemand onder wie se regmatige toesig en beheer die dokument is.

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n dokument wat eg bewys is nie noodwendig toelaatbaar is nie. Die inhoud kan ontoelaatbaar wees byvoorbeeld as dit hoorsê is¹⁶⁸.

¹⁶⁴ 1994 (3) SA 247 (C) 249-250.

¹⁶⁵ Sien die bespreking onder par. 3.3.2.1 hieronder.

¹⁶⁶ S v Mvulha 1965 4 SA 113 (O).

¹⁶⁷ Schmidt op cit vn 1 op 319 - 320.

¹⁶⁸ Smith v Strydom 1953 2 SA 799 (T) 805 H.

3.3.2.2 Die Uitsonderings

In die volgende gevalle hoef 'n dokument nie deur 'n getuie geïdentifiseer of eg bewys word nie:

- wanneer dit deur die teenstander blootgelê is en hy versoek is om dit by die verhoor voor te lê;
- wanneer geregtelike kennis daarvan geneem word;
- wanneer die teenstander die egtheid daarvan erken;
- wanneer die dokument ingevolge wetgewing by blote voorlegging toelaatbaar is¹⁶⁹; of
- wanneer dit buitelandse dokumente is¹⁷⁰.

3.3.3. Inlewering en Verkryging van Dokumente

Die reël en uitsonderings hierbo genoem in paragrawe 3.3.2.1 en 3.3.2.2 met betrekking tot die inlewering van dokumente is beskrywend aan die Suid-Afrikaanse geregshowe en word ook toegepas in die nywerheidshof vanweë die bepaling van nywerheidshofreël 8(1)¹⁷¹.

Wat die verkryging van dokumente betref moet daar genoem word dat die Wet of die nywerheidshofreëls nie voorsiening maak vir blootleggingskennisgewings, soos dit aangetref word in die Landdroshof¹⁷² en Hooggeregshof¹⁷³, nie. Nywerheidshofreël 29(1)(e) vereis wel dat 'n lys van boeke en dokumente in die applikant se besit of onder sy beheer wat op die aansoek betrekking het, in die verwysing kragtens artikel 46(9), uiteengesit moet word maar die respondent het geen uitdruklike reg op afskrifte van sodanige dokumente nie. Daar is ook geen soortgelyke plig op die respondent nie.

¹⁶⁹ *Schmidt op cit vn 1 op 321 - 322.*

¹⁷⁰ *Sien par. 3.3.5 hieronder.*

¹⁷¹ *Sien die bespreking in paragraaf 3.1 hierbo.*

¹⁷² *Reël 23 van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944.*

¹⁷³ *Reël 35 in die Bylae vervat, waarby die verrigtinge van die provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word kragtens die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959.*

Reël 10 van die nywerheidshof bepaal dat:

"10. Die partye kan met betrekking tot die blootlegging van dokumente wat op die geskilpunte betrekking het, ooreenkom en indien nie aldus ooreengekom kan word nie, kan enigeen van die partye by die hof om 'n gepaste bevel aansoek doen¹⁷⁴.

Die skrywer doen aan die hand dat die partye by 'n nywerheidshofgeding ooreenkom¹⁷⁵ ingevolge Reël 10 van die nywerheidshof dat blootleggingsprosedures ingevolge Reël 35¹⁷⁶ van die Wet op Hooggeregshowe van toepassing sal wees¹⁷⁷.

Die partye kan ook by 'n voorverhoor ooreenkom op die wyse en tydsperiodes waarop blootlegging sal plaasvind¹⁷⁸ en die partye kan by sodanige voorverhoor ook ooreenkom dat gespesifiseerde dokumente is wat hul voorgee om te wees en dus nie deur 'n getuie ingehandig hoef te word nie al word die korrektheid van sodanige dokumente nie erken nie. Dokumente van algemene belang soos 'n dienskontrak, pligstaat en dissiplinêre kode kan so ingehandig word.

Die skrywer is van mening dat die bogenoemde prosedure vervang moet word met 'n nywerheidshofreël wat soortgelyk moet wees aan die bepalings van reël 23 van die Wet op Landdroshowe¹⁷⁹ of aan die bepalings van reël 35 van die Wet op die Hooggeregshof¹⁸⁰ ten einde blootlegging te verplig vir albei partye. Volgens reël 10 van die nywerheidshof kan die hof op aansoek genader word om 'n gepaste bevel te gee indien 'n party nie met betrekking tot blootlegging 'n ooreenkoms wil aangaan nie. Hierdie prosedure is egter tydrowend en duur. 'n Party kan ook nie blootlegging laat staan as geen ooreenkoms bereik word

¹⁷⁴ Sien par. 3.3.5 hieronder vir 'n bespreking van 'n ooreenkoms tussen gedingspartye in verband met blootlegging.

¹⁷⁵ *FAWU v Western Province Preserving Co (Pty) Ltd* 1994 15 ILJ 1102 (NH) op 1104 G-H.

¹⁷⁶ *Stinise v Kayo Shoes Manufacturers (Pty) Ltd* 1991 12 ILJ 325 (NH) 329 E.

¹⁷⁷ Die blootlegging of uitruiling van dokumente kan ook tydens voorverhoorsamesprekings gedoen word - sien nywerheidshofreël 9(2)(e).

¹⁷⁸ Sien *NUMSA v Haggie Rand Ltd* 1991 12 ILJ 1022 (AAH) 1026. Sien ook Rautenbach op cit vn 20 op 91 - 92 oor die nut van blootlegging by afdanking weens oortolligheid.

¹⁷⁹ 32 van 1944.

¹⁸⁰ 59 van 1959.

nie want dan loop sodanige party die risiko dat hy onvoorbereid by die verhoor met 'n dokument, wat hy nog nooit gesien het nie, gekonfronteer kan word¹⁸¹.

Aangesien die nywerheidshof op die punt staan om vervang te word deur 'n arbeidshof ingevolge die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge¹⁸², wil die skrywer aan die hand doen dat daar by die opstel van die reëls van die arbeidshof tog voorsiening gemaak moet word vir formele blootlegging soos dit aangetref word in Landdros- en Hooggeregshowe.

3.3.4. Die Toelaatbaarheid van die Inhoud van 'n Dokument

Bo en behalwe die feit dat die dokument self toelaatbaar moet wees moet die inhoud van die dokument ook toelaatbaar wees want die dokument self, voorsien bewys van wat daarin geskryf staan, maar nie dat dit wat geskryf is, die waarheid is nie¹⁸³.

Die inhoud moet relevant wees en daar moet sorg gedra word dat die inhoud nie ontoelaatbare hoorsêgetuienis¹⁸⁴ of 'n opinie bevat nie¹⁸⁵.

Daar is uitsonderings op hoorsêgetuienis wat uitsluitlik op dokumente van toepassing is. 'n Openbare dokument is byvoorbeeld by blote voorlegging uit bevoegde bewaring bewys van die inhoud daarvan en private dokumente kan ingevolge deel VI van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake¹⁸⁶ inhoudelik toelaatbaar wees waar die persoon wat vir die inhoud verantwoordelik was persoonlike kennis daarvan gehad het en nie beskikbaar is om getuienis af te

¹⁸¹ *LTC Homes Civil Procedure in the Supreme Court (1990) op 195 en HJ Erasmus en DE van Loggerenberg Jones and Buckle: The Civil Practice of the Magistrate's Courts in South Africa (1988) Volume II op 233.*

¹⁸² *Wet 66 van 1995.*

¹⁸³ *Da Mata v Otto 1971 1 SA 763 (T) 769 D-E.*

¹⁸⁴ *Sien die bespreking van toelaatbare hoorsê getuienis in par. 3.2.3 hieronder.*

¹⁸⁵ *Schmidt op cit vn 1 op 332, sien ook Goosen v Caroline's Frozen Yoghurt Parlour (Pty) Ltd & Another 1995 16 ILJ 396 (NH) 396 D oor relevantheid as vereiste al is die verkryging van die getuienis in stryd met die grondwet (par 3.4 hierin). Getuienis onder dwang is egter steeds ontoelaatbaar.*

¹⁸⁶ *25 van 1965.*

lê nie¹⁸⁷.

Daar moet ook ingedagte gehou word dat die hof boonop 'n algemene diskresie het om hoorsê in die belang van geregtigheid toe te laat¹⁸⁸.

3.4. Getuienislewering deur middel van Klankopnames en Videobande

In Food & Allied Workers Union & Others v Chopalat Industries word die algemene bewysregbeginsel in die nywerheidshowe soos volg saamgevat¹⁸⁹:

"It has been said that administrative bodies and quasi-judicial bodies such as the industrial court are not strictly bound by the rules of evidence which apply in the ordinary courts of law, and as such are free to adopt whatever procedure is deemed appropriate, provided this does not defeat the purpose of the empowering legislation and provided of course that it is fair (see Baxter Administrative Law (1984) at 454). It is also a rule of natural justice that a party should be afforded a fair opportunity to present his case and to present evidence supporting his allegations or to contradict or challenge evidence which is against him. Such evidence could embrace films, videos and tape recordings."

Klankopnames en videobande is dus toelaatbaar¹⁹⁰ maar die tyd wat beskikbaar is vir die aanhoor en besigtiging daarvan moet die toelaatbaarheid

¹⁸⁷ Artikel 34(1) van hierdie Wet en Schmidt op cit vn 1 op 462 - 463.

¹⁸⁸ Die Wysigingswet op die Bewysreg 45 van 1988 in artikel 3(1)(c).

¹⁸⁹ 1989 10 ILJ 552 (NH) 554 B - D.

¹⁹⁰ Sien SA Clothing & Textile Workers Union v Mediterranean Woolen Mills (Pty) Ltd 1995 ILJ 336 (AAH) 371 F-G; Chemical Workers Industrial Union v Board and Brothers (Natal) (Pty) Ltd 1995 16 ILJ 619 (AAH) 620 D - E; Mahlangu v African Oxygen Ltd 1994 15 ILJ 1117 (NH) 1118 E - F; Lawrence v I Kuper & Co (Pty) Ltd t/a KUPERS 1994 15 ILJ 1140 (NH) 1142 D; NUM v Buffelsfontein Gold Mining Co 1991 12 ILJ 346 (NH) op 349 J.

beperk. Die hof plaas hierdie beperking op weens hoofsaaklik twee redes:

- (a) Artikel 46-vasstellings moet voortgaan met die minste onderbrekings deur te kyk na videobande wat baie tyd in beslag kan neem en moet slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede toegelaat word¹⁹¹. 'n Premie word geplaas op die feit dat arbeidsgeskille spoedig afgehandel moet word.
- (b) Daar is 'n plig op alle regspraktisyns en amptenare van vakbonde "to not burden the court with unnecessary information whether written, verbal or visual."¹⁹²

Die hof gaan verder en stipuleer die toelaatbaarheidsvereistes vir videobande en klankopnames as volg¹⁹³:

- 'n party wat van voorneme is om 'n videoband as getuienis te gebruik moet die Registrateur van die nywerheidshof genoegsame kennis gee van sodanige voorneme sodat daar voorsorg getref kan word vir die aanbied en kyk van die videoband;
- die partye moet vooraf tydens 'n voorverhoorkonferensie kyk na die betrokke video en 'n notule opstel van erkennings en geskilpunte;
- die party wat die video wil aanbied as getuienis moet redes gee vir die relevantheid en materiële waarde van die video (byvoorbeeld identifisering van 'n persoon);
- die videoband moet betroubaar wees en die toelaatbaarheid daarvan sal afhang van die omstandighede van elke saak¹⁹⁴;

¹⁹¹ *FAWU v Chapelat Industries* 1989 10 ILJ 552 (NH) 555 F - G.

¹⁹² 1989 10 ILJ 552 (NH) 555 H.

¹⁹³ 1989 10 ILJ 552 (NH) 556 A - F.

¹⁹⁴ *Schmidt op cit vn 1 op 346.*

- indien die hof bevind dat die video nie relevant of nie van wesenlike belang was nie kan die hof 'n gepaste kostebevel in terme van artikel 17(12) van die Wet gee¹⁹⁵;
- die nywerheidshof moet voorsien word van 'n gesertifiseerde transkribering van enige woorde wat gespreek is op die video wat nie in Afrikaans of Engels is nie;
- die party wat die video wil voorhou is verantwoordelik vir alle toerusting vir die wys van die video sowel as vir die veilige bewaring daarvan.

Die toelaatbaarheid van klank- en videobande wat onwettig¹⁹⁶ verkry is word bespreek in Goosen v Caroline's Frozen Yoghurt Parlour (Pty) Ltd & Another¹⁹⁷. Die nywerheidshof stipuleer die gemeenregtelike reël dat die toets vir toelaatbaarheid slegs beslis moet word by klank- en videobande op grond van die relevantheidsvraag en dat die wyse hoe dit bekom is nie ter sprake is nie¹⁹⁸. Die nywerheidshof kyk na die reg op privaatheid¹⁹⁹ en na die beperkings-klausule²⁰⁰ in die tussentydse Grondwet 200 van 1993 en bevind dat die gemenerereg reël nie in stryd is met die Grondwet nie en dat die betrokke klankopname toelaatbaar is as getuienis²⁰¹.

¹⁹⁵ Die Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956.

¹⁹⁶ Die onwettigheid lê daarin dat artikel 2 van die Wet op die Verbod op Onderskepping en Meeluistering 127 van 1992 die onderskepping en medeluistering, sonder die medewete of toestemming van die versender, verbied. Sien Goosen v Caroline's Frozen Yoghurt Parlour (Pty) Ltd & Another 1995 16 ILJ 396 (NH) 398 D-H.

¹⁹⁷ 1995 16 ILJ 396 (NH).

¹⁹⁸ 1995 16 ILJ 396 (NH) 396 I - J. Spoelstra R bevestig die korrektheid van die feit dat 'n onwettige klankopname toelaatbaar kan wees in 'n obiter uitspraak in Caroline's Frozen Yoghurt Parlour (Pty) Ltd & Another v Gosen 1995 15 ILJ 345 (T) op 347 C-D.

¹⁹⁹ Artikel 13 van Wet 200 van 1993.

²⁰⁰ Artikel 33 van Wet 200 van 1993.

²⁰¹ Goosen v Caroline's Frozen Yoghurt Parlour (Pty) Ltd & Another 1995 16 ILJ 396 (NH) 409B. Die kritiek op hierdie saak is dat die nywerheidshof 'n gulde geleentheid laat verbygaan het om 'n omvattende uitspraak te gee oor die effek van die konstitusionele reg op privaatheid op die toelaatbaarheid van getuienis wat onwettig verkry is. Sien A van Niekerk "The Constitution and the unfair labour practice - some early cases" Contemporary Labour Law Vol 4 No 4 November (1994) 34.

3.5. Erkennings

Formele en informele erkennings²⁰² is as reël toelaatbaar as getuienis. 'n Formele erkenning het geen verdere bewys nodig nie en is ingevolge artikel 15 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake²⁰³ 'n feit wat in die prosesstukke in verband met die saak erken word en 'n party wat so 'n erkenning maak, word nie toegelaat om so 'n feit te weerlê nie tensy die hof verlof daartoe verleen²⁰⁴.

Die informele erkenning in stryd met die formele erkenning, plaas nie die feit buite geskil nie maar dra tog by tot die bewys van die informeel erkende feit²⁰⁵. Die informele erkenning is gewoonlik 'n verklaring buite die hof of binne die hof sonder die bedoeling om die geskilpunte te verminder²⁰⁶. Die gedrag van 'n party kan ook neerkom op 'n informele erkenning²⁰⁷.

'n Erkenning moet steeds voldoen aan die algemene toelaatbaarheidsvereistes naamlik dat die erkenning relevant en vrywillig gedoen moet wees²⁰⁸.

In die algemeen kan gesê word dat die nywerheidshof hierdie beginsels sal navolg. Ingelyks bevind die nywerheidshof in Hlalutwana v Nabe Bazaar²⁰⁹ dat die artikel 43-aansoek van die hand gewys word aangesien die waarskynlikhede die informeel ondertekende erkenning, wat die werknemer geteken het, staaf. Die hof sê egter hierby dat die werknemer moontlik steeds kan slaag met 'n

²⁰² 'n Erkenning is die bevestiging van 'n ongunstige feit - sien Schmidt op cit vn 1 op 471.

²⁰³ 25 van 1965.

²⁰⁴ Let op dat prosesstukke nie beperk is tot pleitstukke nie en gevolglik kan 'n mondelinge erkenning in die hof ook 'n formele erkenning daarstel. 'n Formele erkenning kan selfs by implikasie gedoen word indien dit ondubbelsinnig duidelik is dat 'n erkenning gedoen is - sien Schmidt op cit vn 1 op 194 - 195.

²⁰⁵ Schmidt op cit vn1 op 471.

²⁰⁶ Schmidt op cit vn1 op 471.

²⁰⁷ Schmidt op cit vn1 op 326.

²⁰⁸ Schmidt op cit vn 1 op 486. Sien ook artikel 74(5) van die Wet op Arbeidsverhoudinge waar 'n stelling of inskrywing van 'n werkgewer op sy dokumente toelaatbaar as getuienis geklasifiseer word tensy bewys kan word dat die werkgewer nie sodanige stelling of inskrywing gemaak het nie.

²⁰⁹ 1987 ICD 1 351 (NH) op 352.

artikel 46(9) aansoek omdat die vrywilligheid van die erkenning moontlik in geskil kan wees.

In Simons v Grand Bazaar²¹⁰ bevind die nywerheidshof dat twee informele erkennings sonder enige stawende getuienis nie genoegsame bewys is dat die werknemer die beweerde misdryf gepleeg het nie en beslis dienooreenkomstig dat die ontslag onbillik was. In Riviera International Hotel v CCAWU²¹¹ bevind 'n arbiter ook dat 'n informele mondelinge erkenning aan die personeelbestuurder van die hotel toegelaat sal word as getuienis indien dit as staving aangebied word saam met ander toelaatbare getuienis. Die arbiter beperk egter hierdie bevinding en sê dat sodanige erkennings nie in dissiplinêre verrigtinge toegelaat moet word nie want die werknemer het die erkenning gemaak aan die personeelbestuurder wat in 'n vertrouensverhouding teenoor die werknemer gestaan het.

Die vrywilligheidsvereiste waaraan 'n erkenning moet voldoen word uiteengesit in NUM v Jaguar Shoes²¹² onder 'n verduideliking van "vrywillig":

"A voluntary confession would be a confession not prompted by promise or threat. The dictionary of Synonymous Words in the English Language (Charles John Smith, George Bell & Sons, London 1901) states that the word "voluntary" (from the Latin "voluntarius") is more restricted in its sense than "willing", having the negative signification of not done under compulsion; and that all our outward actions, whatever may be the full nature of their motives, must be willingly, but they are not necessarily performed voluntary, that is, it does not follow our wishes and inclinations go along with the actions performed."

²¹⁰ 1986 ICD 1 311 (NH) op 312.

²¹¹ 10 Mei 1985 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.3.

²¹² 1986 8 ILJ 359 (NH) 364 A-C; sien ook Warner Lambert (SA) (Confectionery Division) v Black Hotel and Allied Workers Union of South Africa 13 Maart 1990 Arbitration Digest IMSSA (1990) 203 vir 'n bespreking van die vereiste dat 'n erkenning "unequivocal and complete" moes wees.

Indien die erkenning nie vrywillig gemaak is nie is dit ontoelaatbaar as getuienis²¹³.

3.6. **Reële Getuienis**

3.6.1. **Inleiding**

Reële getuienis²¹⁴ kan by wyse van voorwerpe of persone voor die hof gebring word. Voorbeelde van voorwerpe is vinger-, palm- en voetafdrukke, 'n vergelykende dokument van 'n persoon se handskrif en besigtiging ter plaatse of die sogenaamde inspeksie in loco. Voorbeelde wat op die persoon self betrekking het en reële getuienis kan wees is rassevoorkoms en die skatting deur 'n hof van 'n persoon se ouderdom²¹⁵.

Die besprekingswaardige vorm van reële getuienis wat in die nywerheidshof gebruik word is die besigtiging ter plaatse en gevolglik volg 'n kort verwysing daarna²¹⁶.

3.6.2. **Besigtiging ter Plaatse deur die Nywerheidshof**²¹⁷

Die normale reël is dat die hof die bevoegdheid het om te besluit, op aansoek of uit eie beweging, om 'n besigtiging ter plaatse te hou²¹⁸. Die wyse waarop die hof gewoonlik te werk gaan word aangedui in Matheus & Others v

²¹³ Schmidt op cit vn 1 op 486.

²¹⁴ Reële getuienis is getuienis wat voortspruit uit die aanskouing van 'n voorwerp of 'n persoon - sien Schmidt op cit vn 1 op 305.

²¹⁵ Schmidt op cit vn 1 op 305 - 314.

²¹⁶ Sien Schmidt op cit vn 1 op 305 waar beweer word dat video- en klankopnames streng gesproke reële getuienis is maar weens doelmatigheidsredes in die bewysreg afsonderlik behandel moet word soos gedoen is in hierdie verhandeling onder par. 3.4. Sien ook artikel 74(2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956 waar 'n inspekteur 'n skatting van ouderdom kan maak.

²¹⁷ Ingevolge artikel 142 (1)(f) van die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 1995 soos in Cheadle op cit vn 11 op 155 kan die Kommissaris, na verkryging van 'n magtiging, self 'n inspeksie uitvoer - sien ook artikel 158(1)(d) van hierdie Wet.

²¹⁸ Schmidt op cit vn 1 op 309 en LTC Harms Civil Procedure in the Supreme Court (1990) op 402.

Sugar Packers²¹⁹ waar die hof die aard van die werk van 'n werkgewer gaan besigtig het. Die hof stel 'n notule op van alle waarnemings tydens die inspeksie²²⁰, die notule word aan beide partye gegee²²¹ en dan word die notule of net 'n gedeelte van die notule, soos wat die partye ooreenstem, ingelees in die hofrekord²²². Die partye kan egter ook ooreenkom dat dit nie nodig is om hoegenaamd 'n notule van waarnemings tydens so 'n inspeksie op te stel nie, byvoorbeeld waar die inspeksie net gedoen word ter verduideliking van herstelwerk aan 'n gebou²²³.

Die nywerheidshof bevind in Mophumalo v I H Bricks & Blocks²²⁴ dat daar 'n plig is op 'n voorsitter by 'n dissiplinêre verhoor om die feite te bepaal en self 'n opinie te vorm by die vraag rondom die nalatige bestuur van 'n motorvoertuig en indien hy dit nie kan doen sonder 'n inspeksie ter plaatse nie dan is 'n inspeksie absoluut noodsaaklik. Die nywerheidshof bevind dat die plek waar die voorval plaasgevind het van so aard was dat dit 'n inspeksie in loco genoodsaak het.

Die nywerheidshof het ook, voor die inwerkingtreding van die Wet op Landbou-Arbeid²²⁵ die standpunt ingeneem dat indien 'n party beweer dat hy nie ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956 sorteer nie omdat hy hom met boerderybedrywighede ophou en dit as 'n grensgeval beskou kan word, dit noodsaaklik is om 'n inspeksie ter plaatse te hou²²⁶.

²¹⁹ 1993 14 ILJ 1514 (NH) 1519 A - C en Food & Allied Workers Union v Mike's Chicken (Pty) Ltd 1992 13 ILJ 679 (NH) 680 C - J.

²²⁰ Sien nywerheidshofreël 16(1)(d).

²²¹ 'n Voldoening van die audi alterim partem vereistes - sien Schmidt op cit vn 1 op 300.

²²² Sien LTC Harms Civil Procedure in the Supreme Court (1990) op 403.

²²³ S v Morningside Nursing Home (Pty) Ltd 1989 10 ILJ 1150 (NH) 1152 B - C.

²²⁴ 1989 10 ILJ 1182 (NH) 1184 D - G.

²²⁵ 147 van 1993.

²²⁶ Gamtele v Medallion Mushrooms (Pty) Ltd 1988 9 ILJ 1109 (NH) 1109 I - J.

3.7. Versigtigheidsreëls

Daar is reeds verwys na die versigtigheid waarmee hoorsê²²⁷, omstandigheids²²⁸ en ongeïdentifiseerde getuienis²²⁹ benader moet word.

Die getuienis van 'n medepligtige moet ingelyks met versigtigheid benader word omdat 'n medepligte selfverontskuldiging kan beoog²³⁰.

Die Nywerheidshof bevind in Lawrence v I Kuper & Co (Pty) Ltd t/a Kupers, a member of Investec²³¹ dat die getuienis van 'n lokvink ook versigtig benader moet word omdat 'n lokvink gewoonlik betaal word om getuienis in te win. Desnieteenstaande regverdig die nywerheidshof die gebruik van 'n privaat speurder onder omstandighede waar die werkgewer op soek is na konkrete bewys teen 'n verdagte werknemer.

Versigtigheidsreëls rondom die gebruik van 'n enkel-getuie, soos gebruik in die strafreg dien as 'n riglyn vir arbeidsregtelike prosedures. In South African Breweries and FAWU²³² laat die arbiter hom as volg oor die aangeleentheid uit:

"... let us look at the principles relating to the evidence of a single witness. Although these principles were laid down in a criminal case, one can still look at them as guidelines in a matter such as this. The uncorroborated evidence of a single witness should only be accepted if it is clear and satisfactory in every material respect. The evidence should not be accepted when the witness has a bias against the person accused, or where he contradicts himself or has made

²²⁷ Sien paragraaf 3.2.3 hierbo.

²²⁸ Sien paragraaf 3.2.4 hierbo.

²²⁹ Sien paragraaf 3.2.5.1 hierbo.

²³⁰ S A Allied Workers Union & Another v Steiner Services (Pty) Ltd 1988 9 ILJ 895 (NH) 896 D - E; Frasers Greenstein and Rozen (Pty) Ltd and CCAWUSA 29 August 1989 *Arbitration Digest IMSSA* (1990) 2.4.

²³¹ 1995 1 LCD 42 (IC), sien ook De Beers Consolidated Mines Ltd (Premier Mine) and NUM 31 Maart 1989 *Arbitration Digest IMSSA* (1990) 2.4 oor 'n lokvink in die diamant bedryf.

²³² Julie 1989 *Arbitration Digest IMSSA* 1990 2.4, sien ook Leonard Dingler and FAWU April 1991 *Arbitration Digest IMSSA* 1990 2.4.

an inconsistent statement, or has been found guilty of an offence involving dishonesty."

Ten slotte kan ook genoem word dat notas van 'n vergadering wat opgestel is vir voorlegging aan 'n arbiter ook met versigtigheid benader moet word²³³.

3.8. Leuenverklidders

Suid Afrikaanse siviele- en strafhowe neem gewoonlik nie leuenverklikker toetse in ag nie. Die nywerheidshof het in die Mahlangu-saak²³⁴ 'n soortgelyke benadering gevolg:

"The court cannot ignore the preponderance of expert opinion which holds the view that the use of a lie detector machine, for the purpose of establishing a person's guilt or innocence, is on scientific, psychological and ethical grounds, reprehensible."

Die nywerheidshof het verder in die Rix-saak beslis dat dit ook nie 'n leuenverklikker se resultaat as die enigste getuie nis sal aanvaar nie maar dat die resultaat tog 'n rol kan speel om 'n feit te bewys²³⁵.

4. GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande bespreking van onus in die nywerheidshowe, veral met betrekking tot ontslaggeskille, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge²³⁶, in 'n groot mate, statutêre voorskrifte bevat met betrekking tot onus²³⁷ wat die mees resente toepassing van onus by

²³³ *Consol Plastics and Chemical Workers Industrial Union* 16 November 1993 Arbitration Digest IMSSA 1990 2.4.

²³⁴ *Mahlangu v CIM Deltak Geland* 1986 7 ILJ 346 (NH) 346 F-G.

²³⁵ *Rix v Ryder Security (Pty) Ltd* 1994 3 LCD 68 (NH).

²³⁶ 66 van 1995.

²³⁷ Sien artikels 188 en 192.

ontslaggeskille in die nywerheidshowe kodifiseer²³⁸. Die skrywer is van mening dat hierdie kodifisering van die reëls met betrekking tot bewyslas nie net in die toekoms regsekerheid oor die vraagstukke van bewyslas sal bring nie, maar ook dat hierdie kodifisering deur die nywerheidshof gevolg sal word totdat al die sake wat na die hof verwys is afgehandel is en in totaliteit vervang word deur die nuwe forums van die Wet op Arbeidsverhoudinge 1995. Derhalwe kan daar gesê word dat die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 ook 'n bydrae maak om onmiddellike regsekerheid in die arbeidsreg daar te stel.

Uit die voorafgaande bespreking van getuienislewering, soos dit deur die nywerheidshof toegepas en ontwikkel word, kan daar genoem word dat die Kommissie van Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie in alle waarskynlikheid sal kyk hoe die nywerheidshof bewysregtelike aangeleenthede hanteer het, hoofsaaklike weens die volgende redes:

- (i) Albei, die nywerheidshof en die Kommissie, is administratiewe liggame en is nie geregshowe nie; en
- (ii) Albei wette, die Wet op Arbeidsverhoudinge 1956 en 1995, bevat weinige bepalinge oor die bewysreg ten opsigte van hierdie instansies.

Die skrywer stel voor dat, juis vanweë die bogenoemde, 'n volledige stel reëls opgestel moet word deur byvoorbeeld NEDLAC wat die toepassing van die bewysreg vir die Kommissie sal uitspel ten einde regsekerheid te bevorder. 'n Bepaling dat bewysregtelike wetgewing wat tans op die siviele howe van toepassing is, ook van toepassing moet wees op die Kommissie sal vermoedelik nie prakties werkbaar wees nie aangesien die Kommissie nie 'n geregshof is nie en die kommissaris van die Kommissie in alle waarskynlikheid nie 'n regsgeleerde sal wees nie.

Inteenstelling met die bogenoemde sal die arbeidshof wat ingevolge die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 gestig is 'n geregshof wees, gelykstaande aan 'n provinsiale afdeling van die hooggeregshof en sal die hof, die bewysreg, soos

²³⁸ Sien die bespreking in paragraaf 2.4.6 hierbo.

dit in die hooggeregshof toegepas word, navolg²³⁹. Die arbeidshof sal homself gevolglik uiters selde, indien ooit na die bewysreg, soos dit deur die nywerheidshof ontwikkel is, wend. Behalwe waarskynlik, waar dit gaan oor die interpretering deur die nywerheidshof van bewysregreëls van die hooggeregshof in arbeidsregtelike sin²⁴⁰.

²³⁹ Sien artikels 151 en 166 van die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995. Die arbeidsappèlhof is gelykstaande aan die appèlhof ingevolge artikel 167.

²⁴⁰ Sien byvoorbeeld die riglyne deur die nywerheidshof neêrgeleë vir die toelaatbaarheidsvereistes vir videobande en klankopnames soos bespreek in paragraaf 3.4 hierbo.

III

LYS VAN AFKORTINGS

CCAWU	-	COMMERCIAL CATERING AND ALLIED WORKERS UNION OF SOUTH AFRICA
EAWTU	-	ELECTRICAL & ALLIED WORKERS TRADE UNION
FAWU	-	FOOD AND ALLIED WORKERS UNION
HARWU	-	HOTEL AND RESTAURANT WORKERS UNION
ILJ	-	INDUSTRIAL LAW JOURNAL
LCD	-	LABOUR COURT DIGEST
MAWU	-	METAL AND ALLIED WORKERS UNION
NAAWU	-	NATIONAL AUTOMOBILE & ALLIED WORKERS UNION
NUM	-	NATIONAL UNION OF MINE WORKERS
NUMSA	-	NATIONAL UNION OF METAL WORKERS OF SOUTH AFRICA
NUPSW	-	NATIONAL UNION OF PUBLIC SERVICE WORKERS
PPWAWU	-	PAPER PRINTING WOOD AND ALLIED WORKERS UNION
SAAWU	-	SOUTH AFRICAN ALLIED WORKERS UNION
SACCAWU	-	SOUTH AFRICAN COMMERCIAL CATERING & ALLIED WORKERS UNION
SACTWU	-	SOUTH AFRICAN CLOTHING & TEXTILE WORKERS UNION
SAMLJ	-	SOUTH AFRICAN MERCHANTILE LAW JOURNAL
TGWU	-	TRANSPORT AND GENERAL WORKERS UNION
TWU	-	TEXTILE WORKERS UNION
UAMAWU	-	UNITED AFRICAN MOTOR AND ALLIED WORKERS UNION

I

BIBLIOGRAFIE

A. BOEKE

BRASSEY, M., CAMERON, E., CHEADLE, H. EN OLIVIER, M. 1987 The New Labour Law Kaapstad : Juta p 124, 230, 234, 246, 374, 377.

BRASSEY, M., GAUNTLETT, J., PRETORIUS, P., MYBURGH, A. 1994 Labour Law under the New Constitution Seminar Durban : Butterworth p 15, 68.

CAMERON, E., CHEADLE, H. en THOMPSON, C. 1989 The New Labour Relations Act Kaapstad: Juta p 186-189.

CHEADLE, H., LE ROUX, P.A.K., THOMPSON, C., en VAN NIEKERK, A. 1995 Current Labour Law Kaapstad : Juta p 97-184.

ECKARD, C.F., 1984 Grondtrekke van die Siviele Prosesreg in die Landdroshowe Kaapstad : Juta p 6.

ERASMUS, H.J. en VAN LOGGERENBERG, D.E., 1988 Jones and Buckle: The Civil Practice of the Magistrate's Courts in South Africa Kaapstad : Juta p 90.

HARMS, L.T.C., 1990 Civil Procedure in the Supreme Court Durban: Butterworths p 199, 203, 402 en 408.

MEYER, J. 1993 Interdicts Verwoerdpark : LPS p 59.

PREST, C.B. 1993 Interlocutory Interdicts Kaapstad : Juta p 55 en 60.

RAUTENBACH, F. 1993 Labour Litigation Kaapstad : Juta p 1, 3, 103, 123-124, 127.

SCHMIDT, C.W.H. 3 UITG. 1989 Bewysreg Durban : Butterworths p 1, 6, 23, 74, 88, 92, 305-315, 319-322, 326, 332, 341, 346, 447, 462-463, 471, 486.

VAN JAARSVELD, S.R., en FOURIE, J.D. 1986 Suid Afrikaanse Arbeidsreg Johannesburg : Lex Patria p 307.

VAN JAARSVELD, S.R. en VAN ECK, B.P.J. 1992 Kompendium van Suid-Afrikaanse Arbeidsreg Johannesburg : Lex Patria p 327, 332.

B. ARTIKELS

- LANDMAN, A.A. "The onus in Final determinations : Henred Freuhauf Trailers (Pty) Ltd v NUMSA" Contemporary Labour Law 1992 Vol 1 No 7 p 80.
- LANDMAN, A.A. Industrial Court Communique 25 Oktober 1995 No. 20/1995.
- LE ROUX, P.A.K & LANDMAN, A.A. "Urgent Interim relief in the Industrial Court": A review of section 17(11)(a) orders 1989 SAMLJ p 208-217.
- LE ROUX, P.A.K. "The onus of proof in unfair dismissal disputes" 1990 Acta Juridica p 100-107.
- LE ROUX, P.A.K. "TGWU v Durban Transport and Management Board" 1991 Contemporary Labour Law p 9.
- LOOTS, C. "The rules of the Industrial Court 1982 ILJ 145, 205.
- OLIVIER, M. "Dringende tussentydse regshulp in die Nywerheidshof" 1991 De Rebus p 393-395.
- OLIVIER, M. "The burden of proof in unfair dismissal proceedings 1991 De Rebus p 649.
- OLIVIER, M. "Status Quo- bevele" De Rebus 1991 p 721-723.
- VAN NIEKERK, A. "The Constitution and the unfair labour practice - some early cases" Contemporary Labour Law Vol 4 No 4 November 1994 p34.

II **LYS VAN AANGEHAALDE GEWYSDES EN WETTE**

A. **NYWERHEIDS- ARBEIDSAPPÈLHOF EN GEREESHOWE**

Amalgamated Beverages Industries (Pty) Ltd v Jonker 1993 14 ILJ 1232 (AAH) 1233 H.

Anglo American Farms t/a Boschendal Restaurant v Komjwayo 1992 12 ILJ 573 (AAH) 574 F.

Bester Homes (Pty) Ltd v Cele & Andere 1992 1 LCD 877 (AAH).

Bissessor v Beastores t/a Game Discount World 1986 7 ILJ 334 (NH) 338 B.

BTR Dunlop v NUMSA 1989 ILJ 181 (NH) 190 G - H.

Building Construction & Allied Workers Union of SA v West Rand Brick Works 1984 ILJ 69 (NH) 69.

Caroline's Frozen Yoghurt Parlour (Pty) Ltd & Another v Goosen 1995 16 ILJ 345(T) 347 C-D.

CCAWU v Wooltru Ltd t/a Woolworths (Randburg) 1989 10 ILJ 311 (NH) 312 J.

Chemical Workers Industrial Union & Another v Hoescht (Pty) Ltd 1993 14 ILJ 471 (NH) 474 F.

Chemical Workers Union v Board and Brothers (Natal) (Pty) Ltd 1995 16 ILJ 619 (AAH) 620 D.

Consolidated Frame Cotton Corporation Ltd v The President, Industrial Court 1986 7 ILJ 285 (N) op 294.

Da Mata v Otto 1971 SA 763 (T) 769 D-E.

Delanco (Co-operative) v National Union of Metalworkers of SA on behalf of Chauke & Others 1992 13 ILJ 1508 (NH) 1510I.

Dhlamini v Lombards Transport Services (Pty) Ltd 1995 LCD 30 (NH).

Durban Confectionary Works (Pty) Ltd t/a Beacon Sweets v Majangaza 1993 14 ILJ 663 (AAH).

Edgars Stores Ltd v S A Commercial Catering & Allied Workers Union & Others 1992 13 ILJ 177 (NH) 177 E.

Electrical & Allied Workers Trade Union & Another v The Productions Casting Co (Pty) Ltd 1988 9 ILJ 702 (NH) 703 C.

Erikson Motors (Welkom) Ltd v Protea Motors, Warrenton and Another 1973(3) SA 685(A) 691C-G.

- FAWU v Chapelat Industries 1989 10 ILJ 552 (NH) 554-555 G.
- FAWU v Western Province Preserving Co (Pty) Ltd 1994 15 ILJ 1102 (NH) 1104.
- FAWU v Mike's Chicken (Pty) Ltd 1992 13 ILJ 679 (NH) 680 C-J.
- Food and Allied Workers Union & Others v Amalgamated Beverage Industries Ltd 1994 15 ILJ 1057 (AAH) 1063 F.
- Footwear Manufacturers Association of SA v National Union of Leather Workers 1994 15 ILJ 845 (NH) 848 A.
- Garatele v Medallion Mushrooms (Pty) Ltd 1988 9 ILJ 1109 (NH) 1109 I - J.
- Garment & Allied Workers Union of SA v Industex (Pty) Ltd 1990 11 ILJ 335 (NH) 337 G - H.
- Gool v Minister of Justice & Another 1995(2) SA 682(C) 688A.
- Gool v Minister of Justice & Another 1955 (2) SA 682(C) 688A.
- Goosen v Caroline's Frozen Yoghurt Parlour (Pty) Ltd 1995 16 ILJ 396 (NH) 396 D.
- Gumede v Richdens 1984 ILJ 84 (NH) 95 H.
- HARWU v Karos Hotels 1990 ILJ 182 (NH) 183 B-D.
- Henred Freuhauf Trailers (Pty) Ltd v NUMSA 1992 13 ILJ 593 (AAH) 598 F.
- Hlatutuana v Nabe Bazaar 1987 ICD 1 351 (NH) 352.
- Hotelicca & Others v Late Nite Al's (Pty) Ltd 1992 13 ILJ 630 (NH) 637 D-F.
- Imperial Cold Storage & Supply Co Ltd v Field 1993 14 ILJ 1221 (AAH) 1229 E-G.
- ISWU v Secunda Municipality 1988 9 ILJ 308 (NH) 312 A.
- Kloof Gold Mining Co Ltd v NUM and Others 1987 (1) 598 (T) 605 I.
- Ko-Operatiewe Landboumaatskappy Bpk v SA Spoorweë & Hawens 1974 4 SA 420 (W).
- Laeveld Koöp (Bpk) (Tabacco Division) and Others v SACCAWU 1993 14 ILJ 1354 (NH) 1358 F.
- Lawrence v Kuper & Co (Pty) Ltd t/a KUPERS 1994 15 ILJ 1140 (NH) 1142 D.
- Mahlangu v African Oxygen Ltd 1994 15 ILJ 1117 (NH) 1118 E-F.
- Mahlangu v CIM DELTAK, Gollant 1986 7 ILJ 346 (NH) 346 G.
- Malapile & Another v Germiston Ceramics and Potteries 1986 ICD (1) 542.
- Matheus & Others v Namibia Sugar Packers 1993 14 ILJ 1514 (NH) 1519 A-C.
- Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v Numsa 1993 14 ILJ 152 (NH) 154 G-H.
- MAWU v Stolar Reinforcing 1983 4 ILJ 84 (NH).
- MAWU v Hart 1985 6 ILJ 487 (NH) 489 G.
- Mdlalose v IE Laher & Sons 1985 6 ILJ 350 (NH) 357 C-H.

- Medupe & Others v Golden Spur 1987 9 ILJ 376 (NH) 379.
- Metal Box SA Ltd t/a Blow Molders v NUMSA 1 1993 14 ILJ 152 (NH) 157 A-B.
- Mophumalo v IH Bricks & Blocks 1989 10 ILJ 1182 (NH) 1184 D-G.
- Motor Vehicle Assurance Fund v Duluyane 1984 1 SA 700 (A) 706 B-C.
- Mshumi & Others v Roben Packaging (Pty) Ltd t/a Ultrapak 1988 7 ILJ 619 (NH) 619 D.
- NAAWU v Pretoria Precision Casting 1985 6 ILJ 369 (NH) 372 F.
- Nasionale Sorghum Bierbrouery v John NO 1990 ILJ 971 (T) 973 I.
- National Union of Textile Workers v Polyknit Ind. 1984 ILJ (NH).
- Nene & Others v Durban Transport Management Board 1992 13 ILJ 684 (NH) 687 A-B.
- Nodlele v Mount Nelson Hotel 1984 ILJ 216 (NH) 224.
- Ntuli v Litemaster Products 1985 6 ILJ 508 (NH) 511 I.
- NUM v Television and Electrical Distributors (Pty) Ltd 1993 14 ILJ 738 (NH) 747 F.
- NUM v Driefontein Consolidated 1984 5 ILJ 101 (NH) 114-116.
- NUM v Jaguar Shoes 1986 8 ILJ 359 (NH)
- NUM v Buffelsfontein Gold Mining Co 1991 12 ILJ 346 (NH) 349 J.
- NUM & Others v The Government Mining Engineering & Others 1990 11 ILJ 313 (WPA) 318 H - 319 D.
- NUM v Rustenburg Platinum Mines Ltd 1992 12 ILJ 226 (NH) 226 I.
- NUM v Amcoal Collieries & Industrial Operations Ltd 1991 12 ILJ 1340 (NH) 1341 G-H.
- NUM v Rustenburg Base Metals Refiners (Pty) Ltd 1993 14 ILJ 1094 (NH) 1097 B.
- NUM v Deelkraal Gold Mining Co Ltd 1994 15 ILJ 1327 (NH) 1342 G-H.
- NUM v Free State Consolidated Gold Mines Operations Ltd 1989 10 ILJ 1118 (NH) 1122 H-I.
- NUMSA v Haggv Rand Ltd 1991 12 ILJ 1022 (AAH) 1026.
- NUMSA v Television & Electrical Distributors (Pty) Ltd 1993 14 ILJ 738 (NH) 747 I.
- NUMSA v Rotor Electrical CC 1993 14 ILJ 1042 (AAH) 1044 A-B.
- NUPSW v City Council of Randburg 1993 1 LCD 78 (NH).
- Paper Printing Wood & Allied Workers Union v I C for the Furniture Manufacturing Industry Transvaal 1994 15 ILJ.
- Pillay v C G Smith Sugar 1985 6 ILJ 350 (NH) 357 H.
- Pillay v Krishna and Another 1946 AD 946 (A) 952.
- Protea Assurance Co Ltd and Another v Waverley Agencies and Others 1994 (3) SA

247 (C) 249.

R v Mantell 1959 1 SA 771 (K) 776 H.

R v Daye 1908 2 BK 333 (Repl) 426.

Ray's Forge and Fabrication v NUMSA 1989 ILJ 762 (NH) 770 A.

Rix v Ryder Security (Pty) Ltd 1994 3 LCD 68 (NH).

S v Morningside Nursinghome (Pty) Ltd 1989 10 ILJ 1150 (NH) 1152 B-C

S v Mvulha 1965 4 SA 113 (O).

S v Russel 1981 (2) SA 21 (C).

S v Tsapo 1979 (2) SA 250 (T) 259.

S v Harper and Another 1981 (1) SA 88 (D) 95 E-H.

SAAWU v Steiner Services (Pty) Ltd 1988 9 ILJ 895 (NH) 896 D-E.

SACTWU v Mediterranean Woolen Mills 1995 ILJ 336 (AAH) 371 F.

SACCAWU v OK Bazaars 1990 ILJ 1006 (NH) 1110 J - 1111 G.

Seccombe v Attorney-General 1919 TPD 270.

Setlogelo v Setlogelo 1914(AD) 221.

Simons v Grand Bazaar 1986 ICD 1 311 (NH) 312.

Sithole v Federated Timbers 1989 ILJ 517 (NH) 518 D.

Smith v Strydom 1953 2 SA 799 (T) 805 H.

Stellenbosch Farmers Winery v Stellendale Winery 1957 (4) SA 234 (K) 234 F.

Stinise v Kayo Shoes Manufacturers (Pty) Ltd 1995 ILJ (AAH) 371 F.

TGWU en Andere v Multi Bus Service CC 1995 16 ILJ 213 (NH) 215 I.

Townsend v Roche Products (Pty) Ltd 1994 15 ILJ 886 (NH) 887 C-D.

Tseane v Get Ahead Foundation 1995 16 ILJ 202 (NH) 211 A-E.

Twala v Box Craft (Pty) Ltd 1990 11 ILJ 831 (NH) 835 C-F.

TWU v Alice Manufacturing 1989 ILJ 299 (NH) 304 J.

UAMAWU v Foders 1983 4 ILJ 212 (NH) 229 H.

Van Aswegen v De Clerq 1960 4 SA 875 (A) 882 E.

Visagie v Prestige Skoonmaakdienste (Edms) Bpk 1995 16 ILJ 421 (NH) 442 C.

Webster v Mitchell 1948 (1) SA 1186 (W) 1189.

Young v Mitchell 1948 1 SA 1186 W 1189.

Young & Andere v Lifegro Assurance 1990 11 ILJ 1127 (NH) 1132 G.

B. ARBITRASIES

Consol Plastics and Chemical Workers Industrial Union November 1993 Arbitration Digest IMSSA 1990 2.4.

Capital Tobacco (Pty) Ltd and SACCAWU 1994 Arbitration Digest IMSSA Vol 3 Part 1 1993 14.

Checkers SA Ltd and SACCAWU 1992 13 ILJ 446 (ARB) 446 I.

Consol Plastics and Chemical Workers Industrial Union November 1993 Arbitration Digest IMSSA 1990 2.4.

De Beers Cons. Mines Ltd and NUM Maart 1989 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.4.

Frasers Greenstein and Rozen (Pty) Ltd and CCAWUSA August 1989 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.4.

Leonard Dingler and FAWU April 1991 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.4.

Liberty Box and Bay Co (Pty) Ltd and Paper Wood and Allied Workers Union Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.2.

Pick a Pay Ltd (Kroonstad) v Commercial Catering & Allied Workers Union of SA 1990 11 ILJ 862 (ARB) 867 E-F.

Pick a Pay Stores Ltd and SACCAWU Oktober 1991 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.9.

Pirie Appleton Africa (Pty) Ltd and Paper Printer Wood and Allied Workers Union 1991 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.9.

Riviera International Hotel v CCAWU Mei 1985 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.3.

SAB and FAWU Julie 1989 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.4.

Secunda Collieries Ltd and Chemical Workers and Industrial Union 1992 13 ILJ 454 (ARB) 457 I.

Warner Lambert (SA) v Black Hotel and Allied Workers Union of SA Maart 1990 Arbitration Digest IMSSA (1990) 2.3.2.

C. **WETTE**

Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956.

Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995.

Die Wet op Landbou-Arbeid 147 van 1993.

Die Wet op die Verbod op Onderskepping en Meeluistering 127 van 1992.

Tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993.